

Hoofstuk 2.3

GROEILYNE EN GROEIPYNE



“Is dit nou reg teenoor ons om die bedrag nie te kry nie? en dit terwyl van ons geëis word dat ons in alle opsigte aan die eise van die regulasies ... moet voldoen. Die vraag kan by ons nie onderdruk word nie: waaroor word ons gestraf? ... ‘n Tweede saak is die kwessie van ‘n lening vir geboue. In onse land is nie een Kollege of Universiteit nie of die geboue is opgerig met geleende geld van die Regering. Ons moes nou ‘n private lening sluit vir £3600 om tydelike geboue op te rig ... As dit nodig is wil een van ons oorgaan na Kaapstad om U verder alle informasie te verskaf wat U wil hê. Die saak is vir ons ‘n kwessie van bestaan en voortbestaan.”

- Registrateur/JG Obermeyer, LV, 28.12.1922

2.3.1 “Onder die blote hemel?”

Die geldelike verknorsing waarin die Kollege hom pas na inkorporasie bevind het, blyk veral uit sy pogings om eie geboue – ‘n wesenskenmerk van enige sodanige instansie – te verkry. Die akkommodasie-opset van die destydse PUK is later deur ‘n student uit die vroeë twintigerjare, Willie F Venter, só in herinnering geroep: “In 1922 was ons klaskamers in die ou presidentswoning (later Oakdene). Die buitegeboue was die laboratorium ... Slegs twee klasse is nie in die presidentshuis gehou nie, nl. Afrikaans-Nederlands I en Fisika. Vanweë die groot aantal eerstejaars (saam met Normaal-studente) is Afrikaans-Nederlands gehou in die saal van Teol. Skool no. 2. Hier het ons met oop monde gesit aan die voete van Ou Kampies (die so waardige prof Jan Kamp), en die skoonhede van die Nederlandse en Afrikaanse letterkunde ingedrink. Die Fisika-klasse is gehou in die Ou Kerkie (by die Geref. Kerk) in Kerkstraat.”¹

Aan die kardinale voorvereiste vir behoorlike huisvesting is voldoen – en baie ruimskoots ook – toe die stadsraad van Potchefstroom sy belofte van Februarie 1921 nagekom en ‘n terrein van ongeveer 35 morg aan die kollege laat toekom het.² Daar was groot dankbaarheid oor hierdie “edelmoedige handeling”. En deur die skenking van hierdie stuk grond, miskien die mooiste in die dorp, het die stadsraad vir die PUK die vooruitsig op ‘n mooi toekoms geopen, was “Die Saaier” se mening.³

‘n Kommissie van die Senaat het intussen besoek afgelê by die plaaslike militêre kamp, waar ‘n groot aantal kantonnements, wat veral tydens die Eerste Wêreldoorlog verblyf aan soldate verskaf het, in



2.3.1

Fisika-klasse is gehou in die Ou Kerkie in Kerkstraat.

onbruik geraak het en te koop was. Na raming sou 15 van hierdie eenhede (ook “hutte” genoem) in die PUK se behoeftes voorsien: 14 opgedeel in drie klaskamers elk, en die vyftiende as woning vir die opsigter. Prof APC Duvenage sou op ‘n besoek aan Kaapstad die kollege se versoek in die verband aan ministers Patrick Duncan (Onderwys) en FW Mentz (Verdediging) voorlê.⁴

Na verdere onderhandelinge, waartydens daar heelwat oor en weer gekibbel is oor die pryse van die geboue en oor die vervoer- en oprigtingskoste, is uiteindelik besluit dat sewe van die geboue wel aangekoop en op die nuwe terrein opgerig sou word.⁵

Maar waarmee sou die sinkgeboue betaal word? Die PUK het net nie die geld nie!

Prof Duvenage, wat aanvanklik ten nouste by die saak betrokke was, sowel as rektor Ferdinand Postma was sterk onder die indruk dat die departement van Onderwys ‘n lening vir die aankoop en die vestiging van die geboue op die PUK-kampus sou toestaan. ‘n Versoek in hierdie voege is gevolglik tot die minister van Onderwys gerig, en die erns van die situasie, veral vanweë die opsegging van die huur van me MacLagan se huis, is onder die minister se aandag gebring: “Nou is onse posisie dat op 1 Januarie 1923 ons nie sal plek hê om die meubels van die Kollege te stoor nie, om nie eers te spreek van Sale om kolleges te gee. Met een woord ons kom te staan met studente en meubels onder die blote hemel.” As hierdie geboue eers opgerig is, sê die registrateur verder, sal ons kollege vir jare kan klaarkom sonder om die minister lastig te val vir lenings vir geboue. Spoedige afhandeling van die saak word versoek “sodat ons uit die benarde posisie gered word”.⁶

In die binnekamers van die departement van Onderwys was daar nogal heelwat begrip vir die situasie, soos blyk uit ‘n nota van ‘n amptenaar aan die sekretaris: “The position is that unless they receive help from the Govt. they will be in the street on 1st Jan. next ... the request seems most reasonable ... The matter is urgent and I will be glad if you will lay it before the Minister at the first opportunity. As we are not granting this College relief in any other form we should help them in this matter, I think.”⁷

Nadat hy die oggend gesprek gevoer het met die registrateur van die Kollege, is ‘n ander amptenaar se advies aan die minister dat die versoek nie onredelik is nie “seeing that all assistance in request of revenue account has been refused”. Die departement se aanbeveling aan die Tesourie was gevolglik positief, maar daar was geen fondse beskikbaar nie en die PUK is aangeraai om iewers ‘n privaatlending aan te gaan.⁸



2.3.2

Nà die oprigting van die sinkgeboue wat by die Weermag aangekoop is, kon Postma ook sê: "Dààr is die PUK!"

Aan die stellige verwagting dat die fondse wel in die 1923 begroting deur die departement voorsien sou word, kon uiteindelik nie voldoen word nie. 'n Eerste verbandlening is tog wel by die Nederlandse Bank aangegaan vir die koop en vestiging van die geboue en lede van die Raad en die Senaat moes vir dié doel persoonlike borgaktes onderteken.⁹

Die enigsins onooglike sinkgeboue het soos paddastoele op die nuwe kampus verrys en is ingerig as klaskamers, laboratoria, biblioteek, leeskamer, kantoor, losieskamers vir studente en 'n woning vir

die opsigter.¹⁰

Al was dit maar uiters karig en primitief, weerspieël rektor Postma se gradedagtoespraak vroeg in Mei 1923 (en sy jaarroorsig vir 1923) groot dankbaarheid. Hy erken dat dit maar 'n nederige begin en nie juis iets is om oor opgewonde te raak nie, maar voeg daaraan toe: "Wie egter jare aaneen rond geswerf het van die een kamer na die ander, van die een huis na die ander, om hier 'n stamp en daar 'n stoot te kry, soms met verwyte, altyd met die gevoel van 'n bywoner, wat elke dag 'notice' kan kry om sy goed te vat en te trek – ek



sê: wie dit deurgemaak het, is die wêreld te ryk, as hy op sy eie gronde kan rondstap, en, al is dit dan maar ook sinkgeboue, die hand kan uitsteek en sê: dâar is die PUK.”¹¹

Die behoefte aan geboue en fasiliteite sou al hoe groter word, namate die besef deurgedring het dat die sinkgeboue slegs in tydelike behoeftes kon voorsien.

2.3.2 Gestoei met die staat: Geldsake

Een van die knellendste probleme wat die onmiddellike aandag van die Raad van die PUK na inkorporasie sou geniet was dié van finansies. Teen die einde van sy eerste finansiële jaar, in Maart 1922, het die PUK ‘n begrotingstekort van £1 200 getoon.¹² Boonop is vir die volgende finansiële jaar ‘n tekort van £2 450 op die verwagte inkomste van £7 550 begroot.¹³

Tydens die laaste vergadering van die Raad onder die ou bedeling, in Junie 1921, rapporteer die registrateur “dat gepoog word om fondse vir die Kollege bijmekaar te maak deur middel van kollekteer kaartjies, donateurs te verkry en ‘n Vrouebond te stig”. Daar word £15 gestem vir die viering van die proklamasie van die Kollegewet op ‘n latere datum. Op die eerste byeenkoms van die nuwe Raad is kennis geneem van die algemene finansiële situasie en is ‘n deputasie benoem om die Minister van Onderwys te gaan spreek oor die saak, en te vra om die beraamde tekort van sowat £1 600 “bij te pas”.¹⁴

Van die kant van die entoesiastiese Vereniging vir Kristelike Hoër Onderwys, wat intussen die stryd teen die gewetenskousule ywerig op hom geneem het, het broksgewys steun gekom: ‘n skenking van £250 wat met dank – en met ‘n versoek om nog meer – deur die Raad aanvaar is, ‘n bedrag van £240 vir die aanstel van ‘n organisator en ‘n beloofde skenking van £500 vir 1922.¹⁵

Die idee van ‘n organiseerder was eintlik afkomstig van rektor Postma self, wat op 19 Julie 1921 die Senaat in kennis gestel het dat hy die Raad sou versoek om, met finansiële steun van die VKHO, so ‘n persoon te benoem om fondse vir die PUK in te samel. Die Raad het dit aan die Senaat self oorgelaat en vroeg in Oktober word gerapporteer dat die VKHO die geld beskikbaar gestel en proff Postma en JC van Rooy benoem het “om die organisasiewerk ter hand te neem”.¹⁶

Skynbaar as uitvloeisel van hierdie addisionele taakopdrag van hulle, versoek prof Postma in November 1922 magtiging van die Raad dat hy en die registrateur vriende en belangstellendes mog nader vir “vrye gifte” of lenings aan die PUK en hulle kry ook

verlof om, wanneer dit vir hulle moontlik is, “uit te gaan en gelde te kollekteer vir die Kollege”.¹⁷

Daar is inderdaad oor ‘n wye front bakhand gestaan. Donasies vir die inrigting van laboratoria is gevra by die Kamer van Mynwese en by die bestuurders van plaaslike banke. Die reaksie was nie baie bemoedigend nie: die Nederlandse Bank het 10 ghienies gegee (£10 10 sjielings), maar sowel die Kamer van Mynwese as Standard Bank kon “weens die moeilike tye” niks doen nie.¹⁸ Die registrateur het opdrag ontvang om weer via prof Pont die Nederlandse “Vriende” om verdere steun te pols terwyl hy ook saam met raadslid BD Pienaar, ‘n lid van die Provinsiale Raad, laasgenoemde instansie om finansiële steun moes nader.¹⁹

Al die bydraes uit die verskillende oorde was maar kleingeld, gemeet aan die werklike finansiële behoefte van die inrigting wat in ‘n worstelstryd gewikkel was om kop bo water te hou. Dit is wel deeglik deur die administrateurs ingesien dat meerdere hulp verkry sou moes word en vir die doel is die regering om ‘n lening van £25 000 genader: £15 000 vir ‘n kollegegebou en laboratoriums, £8 000 vir ‘n koshuis en £2 000 vir toerusting, uitbreiding, ens.²⁰ Groot was die blydschap toe op die Raad se vergadering in November 1921 aangekondig is dat die regering bereid was om die aangevraagde lening op die begroting te plaas.²¹ Die praktyk sou egter toon dat die vreugde ‘n bietjie te oorhaastig was, dat “op die begroting plaas” en “toeken” van fondse op regeringsvlak nie naastenby sinonieme was nie. Daar sou nog baie water in die see loop, en daar sou hard gestry moes word, voordat hierdie geld ‘n realiteit was.

Van die kuratore se kant het daar intussen ‘n welkome meevallertjie gekom: ‘n keuse tussen twee geboue of £2 500 as skenking. Die Raad het die geld geneem. Met dankbaarheid is ook kennis geneem van ‘n omsendbrief wat in Nederland onder alle kerkkrade van Gereformeerde gemeentes versprei is, waarmee fondse vir die PUK gewerf is.²² Laasgenoemde aksie het deel uitgemaak van die voorwaardes waaronder prof Pont se Nederlandse “Vriende” die PUK in 1921-1922 met £200 jaarliks gesubsidieer het.

Ook goedgesinde parlamentslede was in die visier van die fondsinsamelingsaksie. In April 1922 herinner die registrateur ‘n aantal parlamentslede wat as donateurs elk £10 belooft het, dat die bedrae nog uitstaande is. In die briewe word verwys na “die groot behoefte aan geld”, na “moeilike tye” en “Die kas is leeg”. Die nood is nie net by die kollege nie, maar wyd in Wes-Transvaal: “By ons lyk die ou wêreld lelik. Dit bly hier bitter droog, oral is swerms sprinkhanen, die sprinkhane trek verwoestend in swerms rond. Wat moet van ons word? Mog die Heere ons genadig wees en Sy slaande hand ophef.”²³



Hoe groot die nood aan voldoende finansies werklik was blyk uit die feit dat rektor Postma in 'n senaatsvergadering wat in Februarie 1922 in sy huis gehou is, 'n dringende beroep op sy kollegas gedoen het "om hulle kragte in te span om fondse vir die kollege in te samel".²⁴

Van die plaaslike munisipaliteit is jaarliks 'n bedrag van £250 ontvang, waarvoor daar groot dankbaarheid was. Die behoefte aan meer het gemaak dat navraag by ander universiteite en kolleges gedoen is oor finansiële ondersteuning deur munisipaliteite. Die terugvoering moes die stigterspioniers van die PUK effens groen van jaloesie gemaak het:²⁵

- Die pas in April 1921 gestigte Universiteit van Witwatersrand (voorheen Johannesburg School of Mines) £11 000, waarvan £5 000 vir beurse aan plaaslike studente;
- Transvaalse Universiteits Kollege (TUK), Pretoria£1 500 asook ses beurse van £22.10 elke twee jaar vir drie jaar;
- Grey Universiteits Kollege (GUK), Bloemfontein £500, en vir elke £750 wat GUK self insamel, 'n gelyke bedrag van die stadsraad;
- Universiteit van Stellenbosch (US)£100 jaarliks, voortaan £200.

In 'n opsomming van hierdie bydraes, wat waarskynlik aan die plaaslike stadsraad deurgegee is, is die bedrae van Stellenbosch weggelaat!

In PUK-geledere was daar teen die einde van 1922 baie frustrasies en kennelike ontevredenheid oor die houding en gesindheid van die Departement van Onderwys. Die inrigting het nog steeds gebuk gegaan onder die beperking wat in artikel 19 van die Privaat Wet van 1919 ten opsigte van staatsfinansiering toegepas is en waarvolgens die jaarlikse bydrae van die regering beperk word tot die verhouding van £1 tot £1 en tot 'n maksimum bedrag van £4 000. Welwillendheid rondom die destydse onderhandelingsstafel spreek egter uit die toevoeging dat die minister dié beperking van tyd tot tyd gedeeltelik of te eniger tyd in sy geheel mag ophef.²⁶

In Augustus 1922 het 'n PUK-deputasie die minister oor die saak gespreek en versoek om volgens nuwe regulasies wat tydens die jongste parlamentsitting goedgekeur is, behandel te word, waardeur die ongelukheid uitgeskakel sou word. Minister Patrick Duncan het groot begrip getoon, die beperkende regulasie "an invidious distinction" ('n haatlike of aanstootlike/partydige onderskeiding) genoem en te kenne gegee dat hy die beperking sou laat ophef. In 'n

amptelike skrywe kort hierna is egter aangevoer dat heersende landsomstandighede nie subsidie volgens die nuwe regulasies moontlik maak nie.²⁷

In die ietwat sensitiewe PUK-geledere²⁸ is die woord "invidious" met "hatelike" vertaal, terwyl minister Duncan, 'n baie gematigde persoon, na alle waarskynlikheid nie eens die tweede alternatiewe betekenis van "aanstootlike" nie, maar eerder 'n derde betekenis, naamlik "partydige", bedoel het.

Van PUK-kant is kragdadig tot die stryd toegetree. Na 'n besoek van die rektor en die registrateur aan die Potchefstroomse volksraadslid, mnr JG Obermeyer, is 'n uitvoerige skrywe aan laasgenoemde gerig met die versoek om te probeer om 'n ruimer subsidie vir die PUK te probeer verkry. In die brief word die PUK se lot bekla. As daar, in ooreenstemming met die nuwe regulasies, gelyke behandeling met die ander kolleges sou wees, moes die PUK in plaas van £4 000 in 1922 tussen £6 950 en £7 625 ontvang het. "Is dit nou reg teenoor ons om die bedrag nie te kry nie? en dit terwyl van ons geëis word dat ons in alle opsigte aan die eise van die regulasies, wat betref 'n minimum salaris aan Professore en Lektore en deelname aan die pensioenskema moet voldoen. Die vraag kan by ons nie onderdruk word nie: Waaroor word ons gestraf?"

Met verwysing na die verskil tussen wat ontvang is en wat na regte die PUK toekom, en na die gevolglike tekorte waarmee geworstel moet word (£2 500 in 1922, £3 000 in 1923), is daar 'n effense bitter toon in die PUK se saakstelling: "Ons moet die bedrag met die bedelsak agter die rug gaan vra by mense, wat net so ly onder die 'finansiële toestand van die land' en gelykop met alle burgers van die land hulle belasting betaal. Is dit reg dat hulle 'n ekstra £3 000 moet opbring? Nog meer, is dit reg dat een Kollege uit al die Kolleges en Universiteite so behandel moet word, dat selfs 'n Ed. Minister die behandeling moet bestempel as 'an invidious distinction'? Verseker 'n klein £3 000 meer aan bydrae is ter wille van die reg tog nie so erg nie."

'n Ernstige beroep is op Obermeyer as verteenwoordiger van Potchefstroom gedoen om die beperking opgehef te kry en gelyke subsidiëring te verseker: "Verkry U dit, en as die vermeerderde toelae aan ons uitbetaal word vanaf 1 April 1923, dan is die beroep op die publiek nie nodig nie."

Obermeyer word ook gevra om te probeer help met die verkryging van die aangevraagde lening van £3 600 vir die oprigting van tydelike geboue (kantonnements), waarvoor intussen 'n privaatlending by die Nederlandse Bank aangegaan moes word. Weer word op dubbele standaard gewys: "In onse land is nie een Kollege of Universiteit nie of die geboue is opgerig met geleende geld van die Regering." Vir die woordvoerders van die



PUK is dit 'n saak van erns, hulle is selfs bereid om hul saak persoonlik in die Kaap te gaan stel: "Vir ons is dit 'n kwessie van bestaan en voortbestaan.'" ²⁹

Obermeyer was die PUK-saak goedgesind en as uitvloeisel van 'n versoek van hom ³⁰ is afskrifte van die betoog ook gestuur aan volksraadslede FW Beyers, JA Venter, BJJ van Heerden, NC Havenga, C Sephton, A Werth, WH Stuart en L Geldenhuys en aan senator PJ van der Walt. ³¹ Dat die uitvoerige, byna hartroerende pleidooi ingang gevind het, blyk uit die feit dat Obermeyer daar en dan sy aandeel in die Potchefstroom Handelshuis "as vrije gif" aan die PUK bemaak het. ³² Hierdie aandeel-aanbod is hoog waardeer, dog kon nie aanvaar word nie "met die oog op molike nadeel vir die Kollege van die kant van andere besighede in Potchefstroom". ³³

Daar sou egter nog baie water in die see loop voordat vrug op die bemoeiinge van Obermeyer en goedgesinde kollegas in die hoogste raadsale van die land gesien kon word. In die proses sou nie minder nie as ses deputasies die saak met die owerheid beredeneer. ³⁴ In die tussentyd sou van PUK-kant onverpoosd aangedring word op die verwydering van die aanstootlike, oftewel om die meer redelike betekenis te gebruik partydige onderskeiding, terwyl die personeel en ondersteuners op eie inisiatief en met persoonlike insette die wa deur die drif probeer help het.

Op 14 Februarie 1923 word 'n verwagte tekort van meer as £3 000 vir die jaar deur professore en lektore in die Senaat bespreek, en daar word 'n stewige stuiwer deur hulle in die armbeurs gewerp: toestemming tot vermindering van 10 tot 20 persent op salarisse, bereidheid om salarisse aan die einde van die maand in plaas van vooruit te ontvang en om drie maande se salaris renteloos aan die Raad te leen. Die komitee vir Finansies het by die Raad aanbeveel, en dit is so aanvaar, dat salarisse voortaan aan die einde van die maand betaal sou word; met die terughou van plaaslike toelaes en verhogings sou voorlopig gewag word op die rapport van die afvaardiging wat die minister in Kaapstad daarvoor gaan sien het. ³⁵

Registrateur de Klerk was intussen weer in die Kaap en het die kwessie van verhoogde subsidie vir die soveelste keer met regeringsamptenare opgeneem. Op 15 Februarie word berig dat die minister bereid was om £1 500 op die tekort vir 1923 toe te staan mits die Raad die ander £1 500 bydra. Tydens 'n senaatsvergadering op 12 Maart 1923 kon prof Postma uiteindelik, tot groot vreugde van een en al, sukses rapporteer: "Die Regering gaan die beperking ophef en sal die Kollege op gelyke voet stel met die ander Universiteitskolleges." Besondere hulde is gebring aan raadslid BD Pienaar vir sy aandeel in die sukses. ³⁶

Tydens die gradeplegtigheid in Mei het Postma met dankbaarheid gemeld van die "baie goeie verandering" in die regsposisie van die PUK, deur die opheffing van die knellende beperking. Hy twyfel vir geen oomblik nie dat hierdie "regvaardige erkenning" volkome gewettig sal blyk te wees in die toekoms: die PUK het nie alleen die wil om te leef nie, maar strewe ook na 'n voller en ryker ontplooiing van die universitêre lewe te Potchefstroom. En dit het relatief goed begin gaan, soos getuig die aantal bekroonde studente tydens gradeplegtighede: 'n skrale 40 in 1921, 70 in 1922 en 113 in 1923. Weliswaar nog nie die honderde wat Postma in 1921 voorsien het nie: "Ons is nog nie daar nie, maar ons is baie goed op weg daarheen." ³⁷

Maar daar was ook ander ligpunte. Die "edelmoedige" gebaar van die Potchefstroomse stadsraad, met die skenking van 'n stuk grond, "het vir die PUK die uitsig op 'n mooi toekoms geopen; die bywoner het grond gekry, en miskien op die mooiste gedeelte van Potchefstroom." Al was dit sinkgeboue, het die PUK nou ook 'n fisiese adres gekry: "Tot dusver is die lesinge gegee in huurgeboue; een deel van die staf moes hom behelp met die ou kerkgeboutjie van die Geref. Kerk; 'n ander deel in die saal van die Teologiese Skool; 'n derde deel in buitekamers; 'n vierde deel in 'n private woonhuis. Niemand kon eienlik sê waar die P.U.K. is. Die tyd van verspreiding tenminste is nou verby." ³⁸

Ook van die kant van die Nasionale Pers se koerant in die Kaap, *De Burger*, was daar gelukwense aan die adres van die personeel en studente met die opheffing van die "grievend onrecht". Die koerant het kennis geneem dat, in plaas van deeglike steengeboue, sinkgeboue opgerig is (wat tog ook betaal moes gewees het) en vra hoe dit moontlik is dat hierdie inrigting nog kon bestaan. Die antwoord, sê die blad, lê in die groot opofferinge deur die professore: "Professoren met een dokterstitel hebben voor £4 en £500 gewerkt, dus voor een salaris van een derde klas onderwijzer. Zulke dingen mogen, moeten genoemd worden ... Daarom moet er steeds gewerkt en geijverd worden voor de P.U.K." ³⁹

In die praktyk het die situasie egter nie asof met 'n towerslag verander nie. Die jaarlikse subsidie is wel van £4 000 na £6 450 verhoog ⁴⁰ maar dit was steeds £2 000 minder as wat die PUK volgens regulasie moes ontvang. "In die naaste toekoms sal ook hierin verandering moet kom; niks meer, as wat reg is, word gevra", was rektor Postma en die Senaat se standpunt in hierdie verband. ⁴¹ Postma het enersyds sy kollegas gemaak dat "die grootste suinigheid betrag (sal) moet word", ⁴² terwyl hy aan die ander kant 'n versekering gegee het, wat betref die nie-toepassing van die regulasie deur die regering: "In die naaste toekoms sal ook hierin verandering moet kom; niks meer as wat reg is, word gevra." ⁴³



Hierop is weer met die plaaslike stadsraad geskakel en die nuus oor die verhoogde subsidie oorgedra. Maar daar is nou 'n nuwe element: die regering se bydrae sal moontlik in 1924 maar beslis in 1925 afhanklik wees van die ander inkomste wat self gegenereer word. Die registrateur betuig groot waardering vir die morele en finansiële steun "tot 'n bedrag van £250" in die moeilike stryd wat gevoer is om te bestaan – maar sal die stadsraad dit dan nie goedgunstiglik oorweeg om hul bydrae van £250 na £500 op te stoot nie? ⁴⁴

As oogmerk met die besteding van die aangevraagde skenking is gestel die toekenning van beurse, primêr aan kinders vanuit Potchefstroom en omgewing. Meer studente sal 'n vermeerderde bydrae van regeringsweë verseker – en dan kan die Raad dalk 'n professor in Engels bekostig. ⁴⁵ Die reaksie was skynbaar positief. Waar die stadsraad reeds £250 vir die jaar 1922-1923 aan die PUK laat toekom het, ⁴⁶ is nou berig ontvang dat, vir 1923, "daardie liggaam £250 uitgetrek het op sy begroting om die P.U.K. te steun." ⁴⁷

Die rentekoers van 8.5 persent op die privaatlening by Nederlandse Bank, waarmee die sinkgeboue staan gemaak is, was vir die PUK te hoog en op besoek aan Kaapstad het die registrateur die minister gepols oor 'n staatslening ten einde die bank s'n af te los. Ten spyte van 'n belofte deur die minister, het die aangevraagde lening nie in die volgende leningsfondse begroting verskyn nie. 'n Teleurgestelde registrateur het die sekretaris van Onderwys voor stok gekry. Aan die een kant kan die geld wat aan rente bestee word, eerder vir die opbou van die Kollege gebruik word; aan die ander kant was die geleende bedrag net genoeg vir die oorplasing en heroprigting van die geboue. Nou moet u begryp, skryf De Klerk, hoe dit daar moet uitsien: "Dit lyk treurig om dit aan te sien en strek nie tot eer van onse Kollege nie. Dit is gebiedend noodsaaklik om hulle te verwe. Die gronde moet omhein word om skade aan die geboue te voorkom. Waterleiding moet aangelê word vir die laboratoria. Ons het die geld nie." ⁴⁸ Maar dit was puur verniet: die minister het bloot net laat weet "dat met die oog op die tegenwoordige finansiële toestand spyt dit hom seer dat hy geen uitsicht kan sien om die gevraagde lening van £4 000 van die Thesaurie te kry". ⁴⁹

Asof al die gesukkel om finansiël kop bo water te hou nie genoeg was nie, kry registrateur De Klerk in September 1923 'n nie-amptelike navraag: "Hoe's dit, sien julle kans om sonder Kerklike Bydrae verder klaar te kom?" Dit gaan ook vir die kerk maar bars om kop bo water te hou, is die boodskap van die Gereformeerde Kerk se finansman, ds JA van Rooy van Bethulie. ⁵⁰

Maar die Gereformeerde Kerk sou darem nie sy maaksel net so laat los nie. In sy September

gedateerde jaarverslag vir 1923 verwys Postma met piëteit na "hoe die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika sy grootmaak-kind nog altyd goed gedink het deur die jaarlikse bydrae van ongeveer £2 000". En spreek hy die hoop uit dat die volgende sinode in 1924 die steun sal voortsit "en indien moontlik nog vermeerder, waar die bewys gelewer is dat die steun in die verlede die gewenste resultate gegee het". Met bydraes soos hierdie, en dié van donateurs en die stadsraad, word die PUK eintlik dubbeld gehelp, sê Postma, met verwysing na die £-vir-£ regulasie wat binnekort in werking sou tree. ⁵¹

Die regering was steeds die hoofbron van finansiering en Postma en sy kollegas het geen geleentheid laat verbygaan nie om daar geholpe te raak. Daar is verwysings na 'n deputasie wat die minister van Onderwys op 21 Augustus 1923 te Pretoria sou ontmoet, oor die banklening en om meerdere steun te vra vir 'n professoraat in Engels. Die registrateur het volksraadslede BIJ van Heerden (Ventersdorp) en PGW Grobler (Rustenburg) versoek om die deputasie te vergesel. ⁵²

Waarskynlik het hierdie ontmoeting nie gerealiseer nie, want vroeg in September 1923 wil die PUK weer 'n deputasie na die minister stuur. Dit gaan eerstens oor plaaslike toelaes, aanvullend tot salarisse, wat weens die finansiële situasie deur die PUK opgeskort is. Mag dit gedoen word? Tweedens, kan daarop gereken word dat die verhoogde regeringsbydrae in 1924 wel £2 000 sou beloop, soos deur die departement voorgehou? Die Raad wil 'n professor in Engels benoem. En derdens die vraag: kan die staat nie maar die lening by Nederlandse Bank oorneem en jaarliks help met aflossing en rente nie? Laasgenoemde versoek is "seer dringend", omrede lede van die personeel en die Raad persoonlik as borge vir die verband moes teken. Boonop verhinder die hoë rente noodsaaklike ontwikkeling van die Kollege. ⁵³

Die minister en sy departement was glad nie lus om weer 'n deputasie te woord te staan nie. Die syfers oor die toelae vir 1924/25 is verskaf, en oor die weerhouding van plaaslike toelae is die uitspraak dat die regulasie dit wel voorskryf, maar dat die Raad natuurlik anders kan besluit "mits u staf nie daarteen in verzet kom nie". Wat die banklening betref, die departement is bereid om dit oor te neem, maar weens sy finansiële verpligtinge "is dit derhalwe nie uitgeslote dat die Departement u in hierdie aangeleentheid nog langer sal moet teleurstel". ⁵⁴

Op 10 Oktober 1923 word genotuleer dat die rektor die minister die eerskomende Saterdag sou gaan sien oor die lening en dat hy by die geleentheid korrespondensie wat van die Nederlandse Bank ontvang is, aan die minister sou voorlê. ⁵⁵ Of die besoek plaasgevind het, kon nie vasgestel word nie, maar steeds was dit 't einde



niet. Op 14 November word weer pertinent gevra vir 'n lening om die lening by die Nederlandse Bank af te los.⁵⁶ Laasgenoemde transaksie was vinnig besig om in 'n tameletjie te ontwikkel. Inmiddels sou 'n ietwat onverkwiklike twis met die PUK se amptelike bankiers en 'n opspraakwekkende mini-rebellie in die Raad van die PUK trotseer moes word.

2.3.3 Haaks met die bank, “rebellie” in die Raad

Die Nederlandse Bank van Suid-Afrika, wat vanaf November 1921 as bankiers van die PUK opgetree het,⁵⁷ het sterk druk begin uitoefen vir die aflossing van die verband wat vir die oprigting van die sinkgeboue toegestaan is. Die bank het gemeen dat die lening net vir 'n kort termyn was en dat finansiële steun van die kant van die staat bloot 'n formaliteit was. In die proses sou die PUK se manier van doen ernstig van bankweë bevreemte en verhoudinge uitermate versuur word.

Verwysende na 'n PUK-mededeling dat die staat nie die lening toegestaan het nie weens gebrek aan fondse, het die bank se hoofbestuur gevoel dat in so 'n geval bewysstukke aangeheg moes gewees het. Die teregwyding gaan gepaard met 'n sedelesie: “Clients moeten met hun bankiers overleg plegen, en in elk geval in zaken de burgerlijke beleefdheid in acht nemen. Kan een gemaakt overeenkomst niet worden nagekomen, dan moet daarover met den bankier geconsulteerd worden. Stilzwijgend en eenzijdig kan zoo 'n overeenkomst niet worden verlengd.”

Hierdie uitspraak, sê bankbestuurder JM Pons, lyk 'n bietjie kras, maar daar moet nie vergeet word nie dat daar twee kante aan elke kwessie is “en dan kan u van ons altijd simpatieke steun verwag”.⁵⁸ Registrateur De Klerk, opsigtelik die teiken van die bedenkinge oor etiket en prosedure, het in 'n persoonlike brief aan die plaaslike bestuurder kaalvuus ingeklim en 'n direkte antwoord geëis op die vraag van die Raad, nl. of die bank tevrede is met die sekuriteit wat die Kollege bied of nie. Indien nie, sal die Raad die verband met drie maande kennisgewing aflos. Op sy beurt gee hy die bankbestuurder sy eie les in ekonomiese beginsels: “My Raad bedoel **besigheid** puur en simpel ... As ons sekuriteit goed is en die rente gereeld betaal word dan is dit besigheid en dan het ons geen verdere betoon van hoffelikheid en wat dies meer sy nodig nie.” De Klerk herinner ook die bankbestuurder, bloot aangespreek as “Meneer”, dat hy die weiering van die lening asook die verhoging van die subsidie mondeling aan hom meegedeel het.⁵⁹ Skynbaar het die relletjie dus sy oorsprong hier gehad.

Die stof het vir 'n rukkie gaan lê want in Januarie 1924 verwittig die registrateur die bankagent dat weer by die regering aansoek gedoen is vir 'n lening ter delging van die bank s'n. “Met vrymoedigheid ... want ons is oortuig van u goeie gesindheid teenoor onse inrigting”, versoek die Raad 'n verlaging van die bankkoers tot 7.5 persent.⁶⁰ Vanweë suiwer sake-oorwegings was die bank se reaksie negatief, maar die versekering word gegee dat hierdie besluit “niks uitstaande (het) met ons gesindheid teenoor u instelling, wat nog steeds simpatiek is”.⁶¹

Finansiële nood veroorsaak dat die PUK die bank 'n maand later om 'n verdere £700 oortrekking en weer vir koersverlaging tot 7.5 persent vra. Die bank gee egter steeds die koue skouer en die PUK word nou van die bank se hoofkantoor verkwalik dat hulle nie 'n voorgenome fonds ter delging van skuld op gang gekry het nie en dat hulle die groter regeringstoelae gekapitaliseer het. Verwysende na die simpatieke houding jeens die PUK word tog daarop gewys dat “die telkens voorsien in meerdere fondse nodig vir 'n inrigting van onderwys” nie eintlik op die weg van 'n bank lê nie.⁶²

Intussen het raadslid Meyer en die registrateur persoonlik by die bank besoek afgelê, maar dit het skynbaar nie enige resultate gehad nie.⁶³ Die koeël was deur die kerk, vir sover dit die verhouding tussen die PUK en Nederlandse Bank betref.

Die komitee vir Finansies het sy leedwese oor die nie-verlening van die fasiliteite teenoor die agent uitgespreek, want vir die goeie gang van sake was die fasiliteite absoluut nodig. Die komitee moes gevolglik “uitsien” na 'n ander instansie waar hy geholpe kon raak en gevolglik word die rekening nou gesluit en na Standard Bank oorgeplaas.⁶⁴

Die aflossing van die lening by die Nederlandse Bank sou nog 'n tydjie duur. Op 12 April is daar 'n aanmaning dat die fasiliteite oorskrei is en op 8 Julie 'n kennisgewing dat die bankskuld sonder versuim vereffen moes word.⁶⁵ Hierop volg 'n skrywe van die registrateur dat die minister die versekering gegee het dat 'n lening wel op die begroting geplaas is, wat daarop dui dat die lening wel nog nie afgelos is nie. Op 23 September 1924 het die sekretaris van Onderwys berig dat die lening toegestaan en teen 1 November uitbetaal sou word.⁶⁶

Teen die einde van 1924 kon rektor Postma “alweer 'n biekie vordering in die goeie rigting” rapporteer, vir sover dit onderhandelinge oor finansiering met die regering betref: die privaatlending van £4 000 by die Nederlandse Bank is intussen deur die regering afgelos. “So langsaamerhand”, sê hy, “word die stigmata uitgewis, maar daar is nog een wat moet uitgewis word” en wat



nadelig is vir die groei en bloei van die Kollege: die tekort van £2 000 wat die PUK volgens regulasie moes toekom.⁶⁷

‘n Skynbare newe-effek van die relletjie tussen die bank en die PUK was die bedanking van kol Izak Meyer as lid van die Raad se komitee vir Finansies. Hy verwys na redes wat hy vertroulik aan De Klerk meegedeel het en sê dat hy “natuurlik baie gevoelig oor die saak (is)” en dit ernstig oorweeg om ook as lid van die Raad te bedank.⁶⁸ Nie lank hierna nie sou Meyer vanweë ‘n ander rede wel sy lidmaatskap van die Raad van die PUK opsê.

Asof die jong universiteitskollege nie genoeg probleme gehad het nie, vind daar teen die einde van November 1924 wat deur *De Volksstem* bestempel is as ‘n “taamlike opskudding” plaas toe drie lede van die Raad van die PUK, gesiene persone in die plaaslike gemeenskap, vanweë ernstige meningsverskil oor die aanstelling van dosente uit die Raad bedank.⁶⁹


Die beswaardes was twee regeringsbenoemdes, kol Izak Meyer, wie se dienstermyn in Julie voorgaande vir vier jaar verleng is, en mnr Charlie Olen, wat pas in Oktober in die plek van dr M Heyns sitting verkry het, en die verteenwoordiger van die oudstude, Hervormde predikant ds S Vermooten.

Die omstrede benoemings, tydens ‘n raadsvergadering op 26 November 1924, was in die departemente Opvoedkunde, Nederlandse Taal en Letterkunde en Filosofie. Die suksesvolle kandidate was J Chris Coetzee, G Dekker en HG Stoker, met die teenkandidate (wat telkens deur die beswaarde raadslede voorgestel en gesekondeer is) JRL van Bruggen, FEJ Malherbe en CH Rautenbach. **(Kyk insetsel).**

Met die behandeling van die aanbevelinge van die verskillende Fakulteite deur die Senaat het die rektor, voordat die Fakulteit van Opvoedkunde se aanbevelinge voorgelê is, briewe van en aan prof Van Heerden van Normaal oor die benoeming van ‘n professor in Opvoedkunde aan die Senaat voorgelees. Hierna is “met algemene stemme” besluit om wel die aanbevelinge (J Chr Coetzee en JRL van Bruggen) vir beslissing na die Raad deur te stuur. Vir Filosofie was Stoker die Senaat se eerste keuse, maar vir Hollands is beide Dekker en Rautenbach se name aan die Raad deurgegee.⁷⁰

Dit was inderdaad ‘n aantal uiters belowende en bekwame akademici wat om hierdie vakatures meegeding het.

Die korrespondensie met prof Van Heerden, wat in die Senaat voorgelees is, het verband gehou met ‘n vraag oor die pos van professor in Opvoedkunde,



2.3.3

“Rebelle” in die PUK-Raad (van bo af): Meyer, Olen en Vermooten.

Oor hierdie persone, kandidate vir onderskeie vakatures, was daar verdeeldheid en later openlike “rebellie” in die PUK Raad, November 1924

Opvoedkunde (professoraat) : J Chr Coetzee OF JRL van Bruggen ?

Afrikaans/Hollands (lektoraat): G Dekker OF FEJ Malherbe ?


Filosofie (senior lektoraat): HG Stoker OF CH Rautenbach ?



JRL van Bruggen

J Chr Coetzee het die gemengde graad BA-Sc in 1912 aan die Teologiese Skool behaal en in 1914 die Unie O.1-sertifikaat aan die Grey Universiteitskollege. Hierna was hy onderwyser aan Potchefstroom Gimnasium en Steynsburg Gimnasium en vanaf 1920 verbonde aan Normaal Skool te Potchefstroom.

JRL van Bruggen (“Kleinjan”) het ‘n akademiese loopbaan van “buitengewone skrandtheid” gehad en hom op digkuns en prosawerk toegespits. Hy het sy D Phil-graad in 1922 aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam behaal en was ten tyde van die benoeming onderwyser in Johannesburg. Vanaf 1927 was hy verbonde aan die Normaal Kollege op Potchefstroom.



J Chr Coetzee



FEJ Malherbe

FEJ (Fransie) Malherbe het in die atmosfeer van die Genootskap van Regte Afrikaners in die Paarl grootgeword en het na studies in Europa en Amsterdam (1919-1923) diens aanvaar as dosent in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1930 is hy tot professor bevorder en sou hy sedertdien ‘n indrukwekkende loopbaansgeskiedenis opbou.

Gerrit J Dekker het in 1919 sy MA-graad aan TUK behaal, in 1920 aldaar as tydelike lektor klas gegee en vanaf 1921 sy studies in Amsterdam voortgesit. In 1926 het hy sy doktorsgraad met lof aan die Universiteit van Amsterdam behaal. Soos sy “opponent”, sou ook Dekker later diep spore in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis trap.



G Dekker



CH Rautenbach

HG Stoker het die BA-graad, die O.1-diploma en die MA in Wysbegeerte (met lof) aan die PUK verwerf. Hy sit sy studies in Duitsland voort en verwerf die doktorsgraad in Filosofie in 1924 aan die Universiteit van Keulen.

CH Rautenbach het pas in 1923, as 21-jarige, sy MA in Wysbegeerte met lof aan TUK behaal en is in 1924 as tydelike lektor in Sielkunde en Wysbegeerte aan TUK aangestel. Hy was ‘n tyd lank predikant, voordat hy weer tot die akademie toegetree en in 1948 rektor van die Universiteit van Pretoria geword het.



HG Stoker



tydens 'n vorige raadsvergadering, naamlik "of die Ed. Administrateur nie beswaar sal maak nie, omdat Prof. van Heerden as Hoof van die Normaal Skool, professor in Opvoedkunde is".⁷¹ Die briefwisseling is ook tydens die benoemingsvergadering van die Raad voorgelees, waartydens die rektor meegedeel het dat die administrateur van mening was dat liefs 'n lektor aangestel moes word. Indien prof Van Heerden egter hoof van die fakulteit sou bly, was daar geen probleme nie.


In die benoemingsproses hierna het Coetzee 9 en Van Bruggen 3 stemme gekry. Vir die pos van senior lektor in Filosofie het HG Stoker 7 stemme gekry, teenoor Rautenbach se 4. Met die bespreking van die lektoraat in Hollands is meegedeel dat Malherbe se aansoek voorwaardelik was: die salaris moet dié wees van 'n senior lektor, en die pos na twee jaar in 'n professoraat omskep word. Met die benoeming hierna het Dekker 8 stemme getrek, teenoor Malherbe se 2.

Daar was ook ander benoemings. Vir die vakante professoraat in Engels was daar eenstemmigheid dat nie een van die Senaat se halfhartige aanbevelings aanvaar word nie, maar dat 'n senior lektoraat aan mej AC Norenus van die plaaslike Normaal Kollege aangebied word, mits sy haar MA-eksamen slaag. Die laaste benoeming was dié van 'n dosent in Plantkunde, met mej MM Radloff deur die Senaat aanbeveel. Ds Vermooten het versoek dat die naam van J de Ruiter, wat reeds tevore tydelik as dosent waargeneem het en oor veelsydige Hollandse kwalifikasies beskik het, toegevoeg word. Radloff het naelskraap met 6 stemme teen 5 die paal gehaal – maar direk hierna het ds Vermooten sy bedanking ingedien "met die oog op die benoeming" en is hy deur Meyer en Olen gevolg.⁷²

Nou waaroor het dit dan gegaan?

In 'n brief aan dr Malan, waarin hulle hul bedanking as raadslede indien, verwys Olen en Meyer na die benoemings tydens die raadsvergadering: "Drie van die benoemde persone behoort tot die Geref. Kerk terwyl volgens ons mening daar nie-Geref. applikante was wat beter gekwalifiseerd is en ander wat ruim net so goed is maar blykbaar was die beste kwalifikasie van sommige applikante die feit dat hul aan die Geref. Kerk behoort."

Verder is hulle bewus daarvan dat etlike persone wat selfs beter kwalifikasies as die applikante het, nie aansoek gedoen het nie "omdat hulle gemeen het dat hul geen kans sou staan om in aanmerking te kom as hul nie tot die Geref. Kerk behoort nie". Dieselfde gedraglyn as op die betrokke vergadering "is ook in die algemeen gevolg in die verlede, en sover ons kan oordeel bestaan daar min hoop dat daar 'n verandering in die toekoms sal kom". Nee, nog meer: deur die



2.3.4

J de Ruiter (links) en MM Radloff (regs). Raadslid Vermooten het uit die Raad gestap pas nadat Radloff naelskraap (6 teen 5) bo De Ruiter verkies is.

aanstellings het die Raad in stryd gehandel met die wet, wat aanwending van denominasionale toetse verbied, en nie in die beste belang van die PUK nie: "Ons reken dat die P.U.K. 'n staats instelling is en dat dit 'n onbillikheid is teen oor die belasting betalen dat die P.U.K. gebruik word om een bepaalde Kerkelike rigting te bevorder."⁷³

Dr Malan het die beswaardes versoek om hul bedankings terug te hou, hangende 'n navraag by die Kollege. Dr Malan se skrywe⁷⁴ en die beswaardes se redes, soos vervat in hul skrywe aan dr Malan, is op 10 Desember 1924 tydens 'n spesiale raadsvergadering beredeneer. Intussen het daar 'n berig oor die gebeure in *De Volkstem* verskyn⁷⁵ – 'n berig wat grootliks die trant van die beswaardes se brief aan dr Malan eggo.

Dat die kwessie van godsdienste wel tydens die benoeming ter sprake was, blyk uit die feit dat raadslid Stoker tydens hierdie byeenkoms 'n formele verskoning gemaak het, soos volg: "Wat ik ook al in de vorige raadzitting gezegd mag hebben omtrent geloof en ongeloof aangaande applikanten en ingestemd heb met Ds Coetzee, dat wil ik hierby herroepen, omdat ik het heb van horen zeggen." Dit blyk dat Stoker se opmerkinge die betrokkenes ter ore gekom het – iets waaroor hy "verwondert" was, want hy het gedink "dat uit de raadsvergaderingen niet gepraat werd".⁷⁶ Wat die presiese aard van Stoker se uitlatings was, en op wie dit betrekking gehad het, kon nie vasgestel word nie.

Die kern van die Raad se uitvoerige antwoord aan die minister was dat die aanstellings op meriete gedoen is, dat diegene wat aangestel is, die beste gekwalifiseer was. Wat die lektoraat in Hollands (Nederlandse taal en letterkunde) betref: "Een van die twee het as voorwaarde vir sy benoeming gestel a) hy moet Senior Lektor wees b) na tweejarige dienstyd Professor. Die ander applikant [Dekker], wat sy M.A. Iste klas aan die T.U.K. gemaak het, daarna vier jaar



in Nederland gaan studeer het, byna gereed is met sy proefskrif, wat verder allergunstigs aanbeveel is deur professore van die T.U.K. en bowendien by die Raad goed bekend is, het geen voorwaardes gestel nie. Sy applikasie is aangeneem.” Vir vae bewerings oor goedgekwalifiseerde aspirantkandidate wat vanweë nie-lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk nie aansoek doen nie, kon nie verantwoordelikheid aanvaar word nie, terwyl sekere misvattinge van die beswaardes rakende die wetlike situasie uitgewys is. Daar word ook nie verskoning gevra vir die aanstelling van oud-studente nie “as sulke applikante in ander opsigte gelyk staan met of selfs bo ander uitmunt”. Dit is ‘n kwalifikasie wat geen Raad uit die oog sal verloor nie. In kort, sê die Raad, die benoeming was “volkome regvaardig” en die protes daarteen “onbillik, onredelik en ongegrond”. *De Volkstem* se berig van 2 Desember het sake verkeerd voorgestel en word beskou as ‘n poging om die Kollege te benadeel.⁷⁷

Dr Malan het die Raad se antwoord aan die beswaardes voorgelê, maar hulle het hom meegedeel “dat hulle substansieel van dieselfde opinie bly en om daardie rede nie bereid is om hul bedanking in te trek nie”. Malan se eie opinie is ook aan die PUK deurgegee: “Hoewel die Minister oor die meningsverskil van die Raad en die genoemde here hoogs ongaarne as eindbeslisser sou wil optree, wil hy sy innige spyt te kenne gee dat so ‘n verskil wel ontstaan is en wil hy, in belang van die inrigting, die plaaslike publiek, en die staat (wat vir die Kollege belangrike subsidies beskikbaar stel), die wens en die hoop uitspreek dat deur g’n misverstand, of moontlik minder verstandige of kortsigtige optrede van die Raad, die deur wetgewer en belastingbetaler bedoelde en verwagte resultate noodwendig beperk of onbereikbaar sal word nie. Die verloop van sake maan altans tot die grootste omsigtigheid aan.”⁷⁸ In werklikheid het die Minister hiermee, weliswaar in baie hoogdrawende taal en in ‘n poging om dit ietwat te verbloem, die PUK-Raad kwaai oor die vingers getik. Hy het hulle as ‘t ware daaraan herinner: “Wiens brood men eet...”

Die Raad het op 11 Februarie 1925 kennis geneem van die departement se skrywe en besluit om die brief te notuleer “en die sterkste eksepsie te neem teen punt 3 [die minister se teregwyding], daaroor nie te korrespondeer nie, maar by geleentheid met die Minister self daaroor te spreek, ook omdat in die korrespondensie niks voorgekom het van plaaslike subsidie nie en waarop die Raad g’n geleentheid gehad het nie om oor te skrywe”. Die rektor, raadslid JP Nel en die registrateur sou die saak met dr Malan opneem.⁷⁹

‘n Nuwe-effek van die gebeure in die Raad was dat planne vir die inskakeling van die Teologiese Skool by die PUK, wat vroeër in die jaar onder meer deur

die besoekende VU-geleerde prof HH Kuyper aan die hand gedoen is, ‘n knou gekry het. In ‘n naskrif tot ‘n brief aan sy pa, ds Marthinus Postma, het ds Dirk Postma (albei was voorheen literariese professore) dit só gestel: “Weens die moeilikhede wat daar gekom het met die benoeming van Professore aan die P.U.K. sal daar gelukkig vireers nie sprake wees van inlywing van die Teologiese Skool by die P.U.K. Miskien is dit ‘n bestiering waarvoor ons dankbaar kan wees. Daar word nou egter beweer dat ons die Teol. Skool daarby moet inlyf om die P.U.K. te behou – die argument hou egter geen steek – want tensy die gewetenskousule weggeneem word bly die P.U.K. gevaarlik – en dit gevoel die broeders ook.”⁸⁰

Hierdie episode of “rebellie” het getoon dat daar tog in sekere kringe fyngevoeligheid was oor wat beskou is as die Gereformeerde-kerklike karakter van die PUK. In die lig van die sensitiwiteit oor die Christelike karakter van die inrigting en die stryd wat in hierdie tyd gewoed het oor die omstrede gewetenskousule, kon van PUK se kant natuurlik nie heeltemal oop kaarte gespeel word nie. Net soos in die geval van oudstudente, was dit bloot menslik dat die skaal ongetwyfeld na Gereformeerdes sou oorhel indien kandidate in ander opsigte gelykstaande sou wees. Durf dit egter toegee!

Aan die ander kant kan nie ontken word nie dat die oorwegend Gereformeerde karakter van die PUK, soos onder meer die groot seggenskap wat hierdie kerkgenootskap deur middel van verteenwoordigers op die Raad gehad het, vir baie andersvoelendes ‘n steen des aanstoots was. En dat die geringste stok wat hom voordoen, aangegryp sou word om houe mee uit te deel – soos wat in hierdie geval wel gebeur het. Die na-klanke van hierdie “rebellie” sou nog lank gehoor word ...

2.3.4 PUK-karakter en beeld na buite

Die PUK as nuweling in die interuniversitêre familie sou, juis vanweë sy besondere karakter, ‘n moeilike taak hê om homself binne die breër akademiese gemeenskap en die samelewing te vestig en te handhaaf. Hoewel die instelling se unieke Christelike karakter nie in buitekringe hoog aangeslaan is nie, sou dit nooit onder die maatemmer ingedruk word nie, maar het dit, saam met sy Afrikaansheid, deurgaans prominent gefigureer in die bewuste pogings om die beeld van die PUK na buite uit te dra. Van tyd tot tyd was daar ook dinge wat dié beeld nie juis bevorder het nie. Deurgaans is egter ywerig gewerk om vir die PUK ‘n waardige plek in die akademiese son sowel as in die breër samelewing te verwerf.

Rector Ferdinand Postma was ‘n man **van** goeie verhoudinge en vanselfsprekend dus ook ‘n man **vir**



goeie verhoudinge. In die senaatsverslag vir 1922 betoon hy in sy slotwoord erkentelikheid “vir die steun van alle vrinde en belangstellendes”. En gaan dit gepaard met ‘n versugting ten opsigte van openbare betrekkinge: “Die gewone stryd tussen “town and gown” is hier nog nie besonder merkbaar nie. Mag dit ook nooit goed merkbaar word nie!”⁸¹

Skakeling en optredes om die beeld van die nuwe, jong universiteit te bevorder en na die gemeenskap uit te dra, het verskillende nuanses vertoon. Só figureer die besprekingspunt “Propaganda P.U.K.” reeds op 7 Februarie 1922 in die notules van die Senaat en word besluit “om in kontak te bly met die skoolinspekteurs van Westelik Transvaal”. Verdere planne sal ook oorweeg word. In Junie roer prof Boshoff weer die wenslikheid aan “om reklame vir onse Kollege te maak” en blyk dit dat inspekteur Van der Lingen ingewillig het om inligting oor die PUK aan skoolhoofde in Wes-Transvaal te besorg.⁸²

Reeds in sy openingsrede by die aanvang van die lesings in Februarie 1922 en weer ‘n maand later het rektor Postma die idee van “algemene kolleges” oftewel lesings oor die organiese eenheid van alle wetenskappe, in die midde gelê. Hy het dit só gemotiveer: “Niemand kan in sy vak wetenskaplik arbeid sonder kennis van die verband en die verhouding, waarin sy vak tot andere vakke staan ... Die lesings moet die stene lê van ons geestelike huis in verband met die uiterste hoeksteen Jesus Christus.”⁸³ As uitvloeisel hiervan is besluit om beurtelings populêre en wetenskaplike lesings aan te bied en om ook die publiek na eersgenoemde byeenkomste uit te nooi. ‘n Komitee is aangewys en moes die reëlins tref; ook sou prof Boshoff poeg om “organies verband te kry” met die Vereniging vir Wetenskap en Kuns in Bloemfontein⁸⁴ – bedoelende natuurlik die in 1909 opgerigte Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst.

Postma se idee van “algemene kolleges” en Boshoff se uitbeweeg na die gemeenskap toon noue ooreenstemming met ‘n soortgelyke skema wat in hierdie tyd by die Universiteit van Stellenbosch op gang gekom het, onder toesig van ‘n “Openbare Voorlesingskomitee”. Ongetwyfeld sou hierdie lesings aan die PUK ook, soos die eweknie-aanbiedings te Stellenbosch, ten doel gehad het “om studente in die geleentheid te stel hul gesigseinder te verruim en hul algemene kennis te verryk”. En wat die breë publiek betref, “alzo ook langs deze weg getracht heeft de betekenis der Universiteit voor het werklke leven te doen gevoelen”.⁸⁵

Die eerste van hierdie lesings, vroeg in Mei 1922, was ‘n populêre byeenkoms, waartydens prof Van Wageningen gehandel het oor elektrisiteit.⁸⁶ Kort hierna is dit die beurt van ‘n spreekwoordelike groot kanon, toe ‘n

vermaarde opvoedkundige van die Universiteit van Leiden, prof dr Rommert Casimir, sy meerdere kennis met die Potchefstromers kom deel. As gas van die Algemeen Nederlands Verbond (ANV), het Casimir in verskeie opvoedkundige sentra opgetree en het sy reputasie hom vooruitgeleed, as synde ‘n groot geleerde, ‘n groot opvoedkundige en ‘n groot mens “die ‘t hart weet te treffen van al zijn hoorders”.⁸⁷ Proff Kamp en Boshoff het sy besoek aan Potchefstroom, einde September 1922, gereël.⁸⁸

Prof Casimir, oorborrelend van idealisme en entoesiasme, het indruk gemaak, soos blyk uit “ ‘n Paar Gedagtes terloops opgeteken in vrye ure” deur ‘n student (waarskynlik redakteur A Duvenage) in die studenteblyd: “Dis eenvoudig onmoontlik om die voordragte of lesings van prof Casimir by te woon, en nie, as jy daaruit kom in ‘n ligter, opgewekter stemming jou te gevoel nie. Aan die ander kant is dit ook weer byna onmoontlik om weg te bly van die lesings af. Professor Casimir trek so aan, juis omdat die **menslike** of die **mens-wees** by hom so sterk op die voorgrond staan.”

Maar juis dáár lê die probleem, vir die Potchefstromers: “Prof. Casimir is ‘n moderne humanis. Sy godsdienstige opvatting is sodanig dat dit hom in staat stel om baie gemakliker te lewe, hom gemakliker te beweeg as iemand wat streng konfessioneel lewe. En die losheid is tot op seker hoogte aantreklik, innemend. Tog wil ek gladnie beweer dat dit op die duur stand sal hou en bevredig nie. Godsdien is nou eenmaal ‘n saak waarin ‘n mens vastheid moet hê ... ‘n Mens kan nie van Godsdien ‘n kuns gaan maak nie, dan vernietig jy dit.” Die skrywer glo egter nie dat Casimir in hierdie opsig baie invloed sal uitoefen nie “want die Afrikaanse volk as geheel verstaan onder die ou term nog die ou saak”.

Daar is tog positiewe aspekte van die besoek. In en deur die koms van prof Casimir “steek Nederland weer die hand uit om ons te help” in die stryd om selfstandigheid, die stryd teen Engelse oorheersing. Deur sy besoek is die band tussen Holland en Suid-Afrika ook weer verstewig. Verder steek sy ruimheid van opvatting en blik sterk af teen “die enge bekrompenheid wat daar onder ons volk heers”. Al is hy ‘n vrysinnige, erken hy die grootheid van ‘n man soos dr Kuyper; gebruik hy sy werke – wat die skrywer opening bied vir ‘n duiwelsadvokaat-vraag, naamlik “hoe lyk dit onder ons?”

En dan, ten slotte: prof Casimir is ‘n groot man, met ‘n groot liefde vir sy vak, ‘n man wat “wegslendhartstogtelik praat” en in die proses kind en onderwyser inspireer. “As ‘n mens in die sfeer van grootheid kom, dan geraak jy ook onder die invloed van die grootheid ... Jy leer, jou gesigskring word

verruim. Dit het 'n veredelende invloed op jou. Elke een, al staan hy ook op streng konfessionele standpunt kan hom tog goed vind in Prof. Casimir, kan van hom profiteer.”⁸⁹


Net voor sy vertrek uit Suid-Afrika het Casimir enkele gedagtes oor hoër onderwys in Suid-Afrika uitgespreek, en in die proses ook na die PUK verwys. Besef die Afrikaanse volk welke skat hy het in sy universiteite en kolleges? Besef hy die toewyding en werk wat gedoen word deur die professore, wat drie keer soveel klasse gee as hul eweknie in Nederland, boonop onder vermoeiender klimaat en met swakker biblioteke? En, wat die studente betref: “Wat een heerlike, massale geesdrift bij de studenten van Stellenbosch, **wat een diepe ernst bij de stille degelijke groep in Potchefstroom**, [beklemtoning PF vd S] wat klopt het Afrikanerhart luide in Bloemfontein, wat is er een hoop en verwachting in Pretoria. Met zo een studerende jeugd moet het volk groeien.”

In bescheidenheid doen hy 'n beroep op die Afrikaanse volk om sy universiteite te steun. Bou Stellenbosch uit tot 'n volwaardige universiteit, waar alles gedoseer word en met voldoende fasiliteite. Tweedens, moet Potchefstroom gehelp word: “Het is nog klein, maar hier is het **kontak** met de **Gereformeerde Kerk**, en geen bezoeker kan zich onttrekken aan de invloed van die ernst en de fijnheid, die daar heerst.” Ook Bloemfontein durf nie verwaarloos word nie en as hoofstad van die land is 'n eie universiteit vir Pretoria onafwendbaar.⁹⁰

Inderdaad moes hierdie besoek en die voordragte van prof Casimir 'n groot impak gehad het op sowel dosente as studente van die inrigting wat nog maar in sy kinderskoene gestaan en maar 'n soort aspoestertjie-figuur in die breë universiteitsopset ingeneem het. Aan die ander kant het Casimir se besoek ook by die Nederlandse vriende van die Afrikaner, saamgetrek in die Algemeen Nederlands Verbond (ANV) en die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereniging (NZAV), die oortuiging versterk dat besoeke van prominente Afrikaners aan Nederland kan bydra tot die versterking van die verhouding tussen die geskeie maar verwante volke. Op Casimir se uitnodiging sou uitnodigings gevolglik gerig word aan prof JJ Smith van Stellenbosch, wat in 1919 as eerste professor in Afrikaans aldaar aangestel is, en aan die bekende skrywer en politikus, CJ Langenhoven. Die Potchefstromers, proff JD du Toit en Jan Kamp, is ook as potensiële kandidate oorweeg. Welsprekende Afrikaners is egter baie skaars en om hierdie rede kon, volgens prof Pont, du Toit, “die weinig spreekgaven heeft”, sowel as Kamp, “die geboren Hollander is en te veel Hollander is gebleven”, nie in aanmerking geneem word nie.⁹¹

In die loop van 1923 word lesings gehou deur dr JS van der Lingen van die Universiteit van Kaapstad (natuurkundige onderwerpe), eerw. Dreyer van Kaapstad (Kerkgeskiedenis van Suid-Afrika) en dr Henroid van Switserland, met tema die Kristelike Studente Vereniging.⁹² Van der Lingen word beskryf as 'n briljante en merkwaardige akademikus, vir sy studente 'n baie stimulerende dosent en 'n baie gewilde spreker. As gesaghebbende op die gebied van vloeibare kristalle, X-strale, biofisika en radio-aktiwiteit, en as ontwerper van talle instrumente om hom in sy wetenskaplike navorsing te help,⁹³ moes hy ongetwyfeld 'n diep indruk op die studente en die akademiese gemeenskap op Potchefstroom gemaak het.

In Nederland was die heer Louwrens Penning, wat met sy heroïese jeugromans oor die Anglo-Boereoorlog 'n belangrike beeldvormer van die helde-Afrikaners in Nederland was en hoë aansien in Afrikanerkringe geniet het, as sekretaris/penningmeester baie aktief



2.3.5

Louwrens Penning. As joernalis 'n besige man, het die destyds bekende skrywer nie altyd tyd gehad om sy boeke oor Suid-Afrika tuis te skryf nie. “Daarvoor schreef ik in het rijtuig, op het stoomskip” en het hy al “twee maal met die Utrechtse tentwagentjie van den dijk gerold ... al schrijvende”.



betrokke by 'n bevriende Nederlandse organisasie wat besig was om fondse vir die Potchefstroomse Universiteitskollege in te samel. In April 1923 het Penning Suid-Afrika besoek en op uitnodiging van die Vereniging vir Kristelike Hoër Onderwys (VKHO) ook 'n draai op Potchefstroom gemaak, waar 'n byna helde-ontvangs hom te beurt geval het.⁹⁴ Een van die twee damestudente wat in dié jaar aan die PUK ingeskryf het, Sophie Spoelstra, het in 'n brief aan haar ma na die besoek van Penning verwys: "Ek is regtig spyt dat u die Hollandse skrywer, mnr Penning, nie Vrydagaand kon hoor toe hy die lesing gegee het nie. Hy het van sy eie lewe vertel – pragtig mooi, en so interessant! Die een oomblik was die hele saal een gelag, die ander was dit weer so stil dat 'n mens 'n speld kon hoor val."⁹⁵

Die geheim van sy vermoë om gehore aan sy lippe te laat hang, was – volgens Penning self – om "wat ernst en scherts door elkaar" op te dis. En dit werk, sê hy, want "de boeren houden van een gullen lacht". Hoewel hy daarmee eintlik die Hollandse plattelander bedoel het, sou dit ewe-eens op die "Boere" van Suid-Afrika van toepassing gemaak kon word. Aan een so 'n waarderende gehoor in Nederland het die "Oubaas", soos hy algemeen bekend was, onder meer vertel hoe verbaas die hooggeleerde prof Casimir was toe hy in Walvisbaai, op pad terug na Nederland, van die skeepskaptein moes verneem dat daar ook 'n professor Penning op die skip was. Op sy woord van eer, verduidelik Casimir hy ken glad nie 'n professor met dié van nie! Toe hy wel die twee aan mekaar voorstel, het die kaptein verduidelik: "Ja, zie je, onze reisgenoot zit een heelen dag te werken, schrijven, al maar schrijven, en daarom noemen we hem professor en heeft het scheepsvolk met algemeene stemmen hem tot professor uitgeroepen."⁹⁶

Oor die Potchefstroomse besoek van hierdie Hollandse onoffisiële "skrywende en reisende ambassadeur" van die Afrikaner, wat vir 7 maande vanaf November 1922 tot Junie 1923 die land deurreis het op soek na inligting vir verdere boeke oor die Voortrekkertydperk, het die Nederlandse blad *De Standard* só berig: "Potchefstroom schetste de heer Penning als het middelpunt van Calvinistisch Afrika. Dat hij daar aanknopingspunten vond, behoeft niet gezegd te worden." Dat "Oubaas" Penning tot die hart van die Afrikaners deurgedring het, word volgens die blad bewys deur 'n toespraak wat hy in die Teologiese Skoolsaal op Potchefstroom gelewer het, asook deur 'n artikel oor sy besoek in "Het Westen" van 17 April 1923.⁹⁷

Hoogs tevrede kon rektor Postma in sy gradedagtoespraak vroeg in Mei 1923 aankondig dat Penning terugkeer na Nederland "met die vaste voorneme om in Nederland op verskillende plekke te gaan optree in belang van ons inrigting".⁹⁸ Penning het woord gehou en by sy terugkeer veel gedoen om


Suid-Afrika, die Afrikaner en die PUK met sy uiters gewilde optredes oral in Nederland bekend te stel. Waar die "Penning-romantiek", soos Schutte daarna verwys, die simpatie vir die Boerevolk "bij jong en oud onuitwisbaar in het geheugen geprent" het,⁹⁹ kon die PUK seker nie vir 'n beter bevorderaar van sy belange in stamland Nederland gevra het nie. In Oktober dieselfde jaar figureer Penning dan ook as penningmeester van 'n fonds wat in Nederland op gang gekry is vir die PUK en wat op daardie stadium reeds 2 074 gulde beloop het.¹⁰⁰

In November 1923 is dit die ywerige prof SPE Boshoff, wat vroeër in die jaar die hoë eer te beurt geval het om as lid van die Historiese Genootskap van Utrecht benoem te word,¹⁰¹ wat die inisiatief neem en vra "dat professore en lektore volgende jaar self lesinge gee hier en elders in Westelik Transvaal". Die Senaat het hierop die komitee vir lesings se bevoegdheid uitgebrei en daaraan meer vryheid van handeling gegee. Vroeg in Maart verklaar proff Boshoff, Paterson en van Wageningen asook lektor AJH van der Walt hulle bereidwilligheid om aan so 'n projek deel te neem en lê Boshoff en van Wageningen gelyktydig hul temas vir lesings aan die Senaat voor.¹⁰²

Prof Jan Kamp se oorlye in Julie en probleme rondom die persoon van Engelse professor Paterson het die skema van openbare lesings in 1924 ietwat aan bande gelê, maar in samewerking met die Teologiese Skool kon prof dr HH Kuyper, seun van die beroemde dr Abraham Kuyper, by twee geleenthede optree en is sy "optreding" besonder waardeer.¹⁰³ Prof Kuyper het ook op versoek van die bestuur van Korps Veritas Vincet, wat sy dertigste bestaansjaar gevier het, 'n paar lesings gegee.¹⁰⁴

Kuyper se besoek, as afgevaardigde van die Gereformeerde Kerke in Nederland om bande met die "broedervolk" te versterk en in die proses kontak te maak met die verskillende kerkgenootskappe,¹⁰⁵ was 'n rooiletterdag in die geskiedenis van die PUK.

In sy verwelkoming van Kuyper het rektor Postma gesê dat die suksesvolle stryd in Nederland moed gee vir die eie stryd wat maar pas begin het. Dank is ook betuig dat dr Kuyper se blad, *Heraut*, steun verleen het aan mnr Penning se veldtog om geld vir die PUK in te samel.¹⁰⁶ Kuyper het op sy beurt groete oorgebring van die Teologiese Skool te Kampen en die Vrye Universiteit van Amsterdam, waarin en waardeur die noue verwantskap tussen die inrigtings en dié te Potchefstroom duidelik uitgespel is. Vir Kuyper was dit 'n besondere geleentheid om weer kontak te maak met persone soos prof JD du Toit, een van sy eerste studente wat hy afgelewer het, en met prof Ferdinand Postma, wat hulle graag aan die VU wou benoem, "maar hy het Suid Afrika liever gehad". Sy slotwens was "dat



2.3.6


Prof HH Kuyper



die Here mag gee dat hier die Kristelike wetenskap hoog mog opgevoer word".¹⁰⁷

Ook van studentekant is hoë hulde betoon: "‘n Waardige seun en ‘n waardige vader was hier in ons midde. Ons het ons een met u gevoel Doktor, ons het ons weer een met u nasie gevoel. U het ons baie geleer oor ‘Geloof en Wetenskap’ en ‘Calvyn’ ... Wat ons by Dr. Casimir gemis het, het ons by u gevind, n.l. die Calvinistiese wêreldbeskouing."¹⁰⁸

Kuyper se besoek was ‘n besondere item op die akademiese program op die Bult. ‘n Groter inspuiting, vir sover dit veral die Christelike karakter van die PUK betref, was haas ondenkbaar. Terselfdertyd het dit ook as besondere getuigskrif gedien vir wat aan die PUK beoog en gedoen word. By sy terugkeer het Kuyper naamlik uitvoerig verslag gedoen oor sy reis na Suid-Afrika en sy ervaringe en is hierdie verslae



2.3.7

Die foto links is waarskynlik geneem tydens Kuyper se besoek aan die "echten Zuid-Afrikaanschen boer" van Nooitgedacht, Maarten Schoeman (links op die foto). 'n Deel van die oorspronklike plaas behoort vandag aan die PUK en is 'n uiters aangename en funksionele sentrum vir beraadslagings en ontspanning.

ook in boekvorm verwerk, onder die titel *Zuid-Afrika: Reisindruckken*. Hy het ook Stellenbosch besoek en op grond van hierdie besoek en dié aan Potchefstroom gee hy besonderhede oor die breë onderwystoestand maar ook oor die universiteitswese in Suid-Afrika.¹⁰⁹

Kuyper was baie beïndruk met Potchefstroom: "De dagen te Potchefstroom doorgebracht, behooren tot mijn aangenaamste herinneringen ... beide colleges hadden de vriendelijkheid mij een officieel diner aan te bieden, waarbij zelfs de namen der gerechten het universitair karakter aanduiden. Natuurlijk moest ik de beroemde golflinks bezoeken, die de prachtigste van Zuid-Afrika zijn. En niet minder interessant was een tocht per automobiel naar de Vaalrivier ... We waren daar de gasten van een echten Zuid-Afrikaanschen boer, een reus van een kerel, maar met een hart van goud. Hij is een groot vriend van de professoren, voor wie hij zijn huis gastvrij openstelt, wanneer zij



hier ontspanning komen zoeken. Ook de Hollandsche professor werd met een hartelijkheid ontvangen, alsof hij me reeds jaren had gekend. Indien ik professor te Potchefstroom was, bracht ik zeker elke vacantie bij hem door.”¹¹⁰

Daardie “echten Zuid-Afrikaanschen boer” wat so ‘n indruk op die Hollandse professor gemaak het, was niemand minder nie as die bekende Maarten Schoeman van die plaas Nooitgedacht, ‘n groot vriend van onder meer Totius en die man wat ook later ‘n tyd lank onderdak aan prof HG Stoker gegee het toe laasgenoemde, ná sy internering tydens die Tweede Wêreldoorlog, op parool vrygelaat is. Wat die universiteitswese as sulks betref, vind Kuyper nog ‘n groot mate van outonomie by Suid-Afrikaanse universiteite, veel meer as in Nederland; die ou idee, dat die universiteite vrye korporasies is en hulleself regeer, is nog baie sterk aanwesig. Ander kenmerke is keurig versorgde losieshuise en die belangrike plek wat “lichemeliike oefening” of sport aan universiteite inneem.¹¹¹

“Maar hoeveel uitnemends de inrichting dezer Universiteiten in Zuid-Afrika ook bezitten, een **Christeljk** karakter hebben ze niet”, was Kuyper se verdere bevinding. In PUK-kringe sou instemmend en kopknikkend gelees word hoedat Kuyper hierdie toestand toeskryf aan die sogenaamde gewetensklousule: “Onder de professoren worden dan ook niet weinigen gevonden, naar men mij meedeelde, die geheel met het Christeljk geloof hebben gebroken. De geest van ongelooft en verwerping van Gods Woord, die aan onze Universiteiten zooveel kwaad heeft gesticht, is ook aan de Hoogeschoolen in Zuid-Afrika reeds zeer sterk doorgedrongen.”

Kuyper wyt hierdie gees verder aan die opleiding wat daardie professore in Europa en Engeland ontvang het en sien dit as ‘n groot gevaar wat die toekoms van Suid-Afrika bedreig. Maar in Christelike kringe word die gevaar wel besef: “Juist toen ik in Afrika vertoefde werd een petitie aan het Parlement gezonden om de zoo fatale ‘gewetensclausule’ uit de wet weg te nemen en de Algemeene Synodale Commissie deur Nederduitsch Gereformeerde Kerk wekte alle leden der Kerk op om deze petitie te tekenen. Ook onder de studenten woelt en gist dit. Hoeveel vooral door Christen-studentenverenigingen gedaan is om den Christelijken geest onder de studenten te behouden, men worstelt met de groote problemen van geloof en wetenschap, van wat de Schrift ons leert en wat de natuurkunde als waarheid verkondigt.”

Tipies Kuyperiaans en gedagtig aan die situasie aan sy eie Vrije Universiteit, staan Kuyper ietwat skepties oor die NG en Gereformeerde Kerke se opleiding van predikante in totaal selfstandige kweekskole, daar dit


die samehang van wetenskappe verbreek en meebring dat die teologie geen invloed op daardie wetenskappe uitoefen nie. “Het ideaal zou daarom voor Zuid-Afrika wel degelyk zijn, dat men kwam tot de stichting van een Christelike Universiteit, waar ook de Theologie weer haar eereplaats kan innemen.” En dan breek hy ‘n lamsie vir die Gereformeerde Kerk, wat die literêre opleiding aan sy Teologiese Skool uitgebou het tot ‘n selfstandige universiteitskollege vir Christelike hoër onderwys, geïnkorporeer by die Universiteit van Suid-Afrika en geldelik gesteun deur ‘n beperkte subsidie van die regering. Al is die studentetal tans maar net 114, “hier is een stekje geplant, waaruit op den duur een Universiteit kan opgroeien, vooral wanneer de Theologische School er mee verbonden kan worden”.

Maar die groot struikelblok is die gewetensklousule: “Eerst als deze gewetensclausule uit de wet verwijderd is, zal ook voor Zuid-Afrika de weg openstaan om tot een waarlijk Christelike Universiteit te komen.” En dan, soos die voorvegters vir dieselfde saak in die PUK-linie, slaak Kuyper die versugting: “Laat we hopen, nu een nieuwe regeering in Afrika is opgetreden, die de Gereformeerden veel gunstiger gezind is, dat de dag niet verre meer is, waarop dat ideaal wordt bereikt.”

Die besoek van dr Kuyper en sy indrukke van en uitsprake oor die PUK staan in vergulde letters opgeteken in die annale van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, wat hy in 1924 voor sy geestesoo sien groei het.

Die Senaat van die PUK het, in samewerking met ander instansies, die vermaarde Vlaamse voordragkunstenaar, prof Modestus Lauwerijs van Antwerpen, in September 1924 te Potchefstroom ontvang. Dit was reeds sy tweede besoek aan Potchefstroom – die vorige was in 1920.¹¹² Lauwerijs het reeds in dié jaar, tydens ‘n optrede wat op uitnodiging van die PUK op 5 Mei in die stadsaal plaasgevind het, groot indruk gemaak¹¹³ en spontaan by prof Postma die vraag ontlok of, in samewerking met andere, nie gepoog moes word om sy dienste vir Suid-Afrika te bekom nie. Kort hierna het prof Boshoff gerapporteer dat dosente te Pretoria planne beraam om Lauwerijs as professor aan die TUK te benoem.¹¹⁴ Hiervan het skynbaar niks gekom nie, want Lauwerijs se naam kom nie in die TUK-annale voor nie.¹¹⁵ ‘n Ander bron wil hê dat die Universiteit van Stellenbosch ‘n leerstoel aan die Belgiese kunstenaar aangebied het.¹¹⁶

Nou, in 1924, het hy voor ‘n stampvol stadsaal sy entoesiasiese gehoor getrakteer op Hollandse, Vlaamse en Afrikaanse gedigte en, volgens ‘n koerantberig, almal laat uitsien na ‘n opvolgvertoning.¹¹⁷ Inderdaad het rektor Postma dadelik inisiatief geneem en met Lauwerijs onderhandel om, indien dit ingepas kon word, einde Oktober terug te keer, om by



2.3.8

Prof Lauwerijs.

die PUK 'n lesing in voordragkuns te lewer, die rede by die sluiting van die PUK te hou en ook weer die algemene publiek met sy kuns te bekoor. Ongelukkig het dié voornemens nie gerealiseer nie.¹¹⁸ Lauwerijs sou in 1959 'n erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang, vir sy bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse kultuur.¹¹⁹

Asof die jaar 1924 nie vol genoeg was van besoekers en optredes nie, het prof DF Malherbe van Grey Universiteitskollege, Bloemfontein ook besoek kom aflê en 'n lesing gegee oor "Ons taal in sy verhouding tot volk en land". Met sy aanstelling, in Oktober 1918, in die nuutgestigte leerstoel, was Malherbe natuurlik die heel eerste professor in Afrikaans en sou later na hom verwys word as "onvermoeide kampvegter vir die Afrikaanse taal, volk en kultuur".¹²⁰ Besoeke soos hierdie, van professore van ander inrigtings in die land, is hoog gewaardeer en versterk die band van samehorigheid, was rektor Postma se waarneming.¹²¹


Pogings om Bybelvertalers proff B Keet en EE van Rooyen te laat optree, was egter nie suksesvol nie.¹²²

Vroeg in 1925 maak lektor GTS Eiselen die tonge los met 'n openbare lesing oor die evolusieleer, 'n teorie wat uiteraard nie juis in PUK-geledere aanklank sou vind nie.

Hierdie polemieks het 'n nasleep op senaatsvlak gehad,

2.3.9

Prof DF Malherbe



met prof JA du Plessis baie beswaard. Dit is aan die rektor opgedra om die kwessie saam met Du Plessis en Eiselen te bespreek. Du Plessis het teruggerapporteer "dat die rapport oor die lesing van Lektor Eiselen in Die Weste korrek was, maar die korrespondent het hom in die mond gelê wat hy nie gesê het nie". Maar tog was alles nie pluis nie: "Uit die bespreking het geblyk dat, wat betref die skeppingsverhaal in Gen. 1, daar nie die minste verskil bestaan tussen die opvatting van lektor Eiselen en homself, maar daar is verskil oor Gen. 2." Die Senaat het nie kant gekies of verder aan die verskil in sienswyse aandag gegee nie.¹²³

Kontak met die dinge van die buitewêreld is nie die Pukke ontsê nie. In die twintigerjare was drankmisbruik een van die groot sosiale euwels van die Verenigde State van Amerika en het die streng "prohibisie"-wetgewing groot opslae gemaak en wêreldwyd aandag getrek. Dit was ook die geval toe die veelgeroemde "apostel van afskaffing", 'n Amerikaner bekend as "Pussyfoot" Johnson, Suid-Afrika deurreis het om die uitwerking en effek van die Amerikaanse wetgewing teen drankhandel bekend te stel. Waar hy gegaan het, het hy sy gehore geboei en gefassineer met sy vertelling oor die positiewe uitwerking van "prohibisie".

Sy besoek aan Potchefstroom het ook die belangstelling van die PUK-gemeenskap gewek. Op 'n versoek met betrekking tot Johnson se optrede, het die Senaat soos volg genotuleer: "Besluit word te antwoord dat die Senaat nie sal deelneem aan die organisasie van die vergaderinge van die Heer Johnson nie, en ook nie 'n spesiale geleentheid sal maak om die studente toe te spreek nie, maar aan almal, wat van die geleentheid wil gebruik maak om die vergaderinge by te woon, die verloff te gee."¹²⁴

Meer as 'n duisend mense, waaronder ongetwyfeld heelwat studente en dosente, het die stadsaal volgepak vir sy optrede op 20 September 1924.¹²⁵ Die lesing moes inderdaad 'n groot indruk gemaak het want toe die nuutgestigte Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) teen die middel van 1925 'n debatspan vanuit Engeland na Suid-Afrika nooi en debatstemas vir die onderskeie universiteite en kolleges aanvra, was een van die Pukke se temas



2.3.10

PUK-studente kon “onoffisieël” gaan luister na hierdie begeesterde bestryder van die drank-euwel. Die bynaam “Pussyfoot” is deur die dranksmokkelaars aan hom gegee “on account of the uncanny cleverness and silent swiftness with which, like a panther, he constantly tracked down and suddenly captured the worst of the murderous law-breakers of the Wild West”.

“That Prohibition is desirable”.¹²⁶ En in Maart 1926 begin student P de Klerk (waarskynlik redaksielid PJS de Klerk) met ‘n reeks artikels in die studenteblyd oor die drankvraagstuk. “Die drankduiwel is losgelaat en gaan soos ‘n briesende leeu rond”, skryf hy, en wys daarop dat prohibisie as teenmaatreël een van die grootste flaters van die Amerikaanse regering was. Sy


oplossing? ‘n Beter en Christelike opvoeding en beter wetgewing.¹²⁷

Die reeds genoemde NUSAS-inisiatief vir internasionale interuniversitêre debatsvoering het daartoe gelei dat drie studente vanuit Oxford, Engeland en drie van PUK vroeg in September 1925 debat gevoer het oor die tema “Is western civilisation becoming a degenerating influence on mankind?” Prof Boshoff en die registrateur het die besoekende studente op ‘n daguitstappte geneem, as gaste van die Senaat.¹²⁸

Van PUK-kant het mnre Keet, N Combrink en A Postma aan die debat deelgeneem, terwyl aan die publiek ook ruim geleentheid (70 minute) gebied is om aan die besprekinge in die stadsaal deel te neem. Na afloop van die debat, die laaste op hul toer deur die land, het die leier van die besoekende groep, HA Marquard, baie lof gehad vir die buitengewone gasvryheid wat hulle te Potchefstroom en trouens dwarsdeur Suid-Afrika ervaar het. Hy het Suid-Afrikaners geloof as die “most generous people” in die wêreld en het volle vertroue dat die jeug die ontsaglike probleme wat die land het, op intelligente wyse sal oplos.¹²⁹ Die debat op Potchefstroom is deur hom bestempel as een van die aangenaamstes op hulle toer.¹³⁰

Die studenteblyd *Veritas Vincet* het na die debat verwys en gesê dat die PUK-vertegenwoordigers getoon het “dat die blaam van engheid nie altyd toepaslik is nie ... dat sy studente ook kosmopolitiese kennis kan verbrei”. In sy “Terugblik op die jaar 1925” voeg “T.W.” nog ‘n sedelessie by: “Ontwikkel nie te spesifiek, ja meer, te eng nie! Laat vaar ‘n dwepe met beginsels, laat die beginsels diepte hê! Daaruit sal die grootheid van beginsels gebore word ... Ja, meer: ontwikkel kosmopolitaans kennis en beskouinge van die lewe, daarin lê die toekomstige heil van die Afrikaner!” Maar, om darem nie heeltemal misverstaan te word of te dink dat “T.W.” summier sy rug op die verlede gedraai het nie dien die skrobbering wat hy gelyktydig aan die studenteiers uitdeel omdat hulle in gebreke gebly het om die groot Kruger-eeufees in Pretoria by te woon.¹³¹

Intussen het ook ander geleenthede vir beeldbou en reklame hulle voorgedoen. In 1924 het die Senaat die patronaat van ‘n plaaslike orkes onder leiding van mnre Sydney Richfield aanvaar, as die P.U.K. Orkes.¹³² Uitvoerings is gegee te Potchefstroom en Ventersdorp en, volgens Postma in sy jaoroorsig, het dit die PUK veral op Ventersdorp “prominent onder die aandag van die publiek” gebring. Dit was die Senaat se hoop “dat ook langs die weg groter belangstelling sal opgewek word en vir die P.U.K. en vir die orkes self”. In Maart 1925 het die orkes ‘n baie geslaagde optrede in die Wesley-saal gelewer en was dit veral dirigent Richfield en mev (prof) Boshoff as solis wat groot applous ontlok



2.3.11

Gradedagvieringe 1924. Regs onder is die Lyric Teater, waar by geleentheid 'n gradeplegtigheid aangebied is.




het.¹³³ Min sou Postma destyds kon droom welke groot reklamemiddel 'n sodanige studente-organisasie baie dekades later vir die inrigting sou wees. Hier word natuurlik verwys na die Alabama, wat later as 'n Boere-orkes en nog later as 'n musiekgeselskap baie roem vir die PUK sou inoos.

Gradeplegtighede, wat vanaf 1920 te Potchefstroom plaasgevind het, sou van meet af aan 'n uitstalvenster vir die PUK wees en het groot belangstelling by die plaaslike gemeenskap ontlok. Die eerste byeenkoms, nog onder die PUK vir KHO-bedeling en op 4 Junie 1920 aangebied in die stadsaal, is gehou "onder groot belangstelling van die publiek en was 'n volkome sukses", volgens rektor Postma: "Dit het veel bygedra om die Kollege bekend te maak en onder die aandag van die publiek te kry."¹³⁴

Skynbaar is daar in 1921 nie 'n gradedag aangebied nie. Vanweë onsekerheid oor die goedkeuring van die wetsontwerp vir inkorporasie is die funksie aanvanklik uitgestel, maar later is besluit "om 'n Kollege dag te hou met die eerste sitting van die nuwe Raad". Op 3 Augustus is die program vir die Kollege-aand goedgekeur en op 31 Augustus is die reëlins vir die viering gefinaliseer met die besluit dat personeellede in togas sal verskyn, terwyl studente "vrijgelaat word in hulle keuse".¹³⁵

Gradedag sou in die toekoms nie bloot net 'n dag van rekenskap en beloning vir studente-ywer en vertoonvenster van die akademiese werksaamhede van die inrigting wees nie, maar is dikwels met luister omhul deur vooraanstaande persoonlikhede wat op dié dag in die midde was. Die gradedag in Mei 1927 was 'n uitstaande hoogtepunt, vir sover dit die beeld van die PUK betref. Eerstens, omdat die gevierde Afrikanerkerkleier, visekanselier van die Universiteit



2.3.12

Student Jac van Rooy
- eerste houër van die Raadsmedalje.

van Suid-Afrika en rektor van GUK, prof JD Kestell, die toekenning van grade en sertifikate hanteer en die studente toegesprek het, en tweedens omdat ook die res van die span hoof-Bybelvertalers saam met Kestell op die verhoog was: proff B Keet, EE van Rooyen, JD du Toit en H Fourie. Om die kroon te span, het prof C van Gelderen, hoogleraar van die Vrije Universiteit van Amsterdam en spesiale adviseur vir die Bybelvertaling, ook die woord gevoer. Dié aand kuier almal gesellig saam tydens 'n resepsie in die saal van die Teologiese Skool.¹³⁶

Met gradedag in Mei 1928 het die studente die aand ná die plegtigheid 'n geselligheid in die Parksaal gehou, waartydens prof MC Schuiten van Antwerpen eregas was. Die gebruik dat studente die geselligheid tydens hierdie funksie aanbied dateer terug na 1924, toe die Raad £15 vir die doel aan die Studente Verteenwoordigende Raad toegeken het.¹³⁷

In September 1927 het die Raad ook, op aanbeveling van die Senaat, besluit om 'n medalje uit te reik aan die verdienstelikste student. Die inisiatief vir hierdie toekenning het van die kant van die SVR gekom, wat aanvanklik die toekenning van 'n spesiale baadjie of "blazer" in gedagte gehad het. Die Senaat was egter van oordeel dat eerder 'n medalje toegeken word, wat



2.3.13

Die vyf bybelvertalers saam met prof van Gelderen en prof Postma (regs).



die student se eiendom sou bly, of 'n skild wat in die kollege bewaar word. Hierdie medalje sal tydens die gradedagseremonie aan sodanige student oorhandig word terwyl die bekroonde se naam op 'n gedenkplaat of ererol by die kollege gegraveer sou word. Jac van Rooy was, op aanbeveling van die SVR, die eerste houër van hierdie gesogte toekenning.¹³⁸

Gemeenskapsdiens en openbare optredes van akademici bring onvermydelik nie net die betrokke personeellid nie, maar ook die instansie waaraan hy verbonde is, in die kollig. By tye is die beeld wat só oorgebring word, nie alte vleierend nie. Nadat hy meer as 'n dekade lank al bedrywig was in plaaslike regeringsake, raak prof APC Duvenage as burgemeester in Julie/Augustus 1922 betrokke in 'n uiters onverkwiklike kattedeveg in stadsraadskringe. Die vonk in die kruitvat was finansiële sake, onder andere 'n voorgestelde verhoging van die stadsklerk se salaris – wat deur Duvenage gesteun maar deur ander lede teengestaan is. Los en emosionele uitsprake is roekeloos oor en weer geslinger en veral Duvenage en raadslid WH Barnard het mekaar kwaai in die hare gevlieg.

So sê Duvenage aan Barnard: “Ik neem geen notitie van u. U weet u niet in fatsoenlik gezelschap te gedragen.” En kap Barnard terug: “Ik ben in onfatsoenlik gezelschap als ik in u gezelschap is.” As raadslid Anna Nel sê dat sake in die verlede deur partypolitiek maar nou skynbaar deur “favoritisme” bepaal word, wil Duvenage haar nie ernstig opneem nie. Waarop sy reageer met: “Neen, u neemt niemand en niets ernstig.”

Die vurige woordesstryd, waaraan verskeie ander lede ook deelgeneem het, het uitgeloop op 'n mosie wat vra dat Duvenage moes bedank omdat sy houding en gedrag die waardigheid van sy amp aantast. Toe die mosie gestel word, het 'n aantal raadslede uitgestap. Dit is aanvaar, maar skynbaar nooit geïmplementeer nie.

Die twis het later oorgespoel en gekulmineer in 'n stormagtige openbare vergadering waartydens burgemeester Duvenage en die stadsraadslede by die betreding van die verhoog toegesing is: “Vat jou goed en trek, Ferreira!” Die warm en by tye oproerige vergadering het tot lank na middernag geduur en in 'n feitlik eenparige mosie van wantroue in die hele raad geëindig. “Hiermee”, word berig, “eindigende een van de meest merkwaardige publieke vergaderingen nog ooit in de Stadsaal gehouden.”¹³⁹

Midde in die ontstuiptheid bekommer registrateur De Klerk hom by die Senaat oor die gebeure waarby prof Duvenage betrokke is “en spreek die vrees uit dat die belange van die Kollege daardeur geskaad word”. Na aanhoor van Duvenage en daaropvolgende “breedvoerige bespreking”, is met algemene stemme

op voorstel van proff du Plessis en Kamp besluit: “Die Senaat het die vertroue dat Prof. Duvenage in die eerste plaas die belange van die Kollege altyd in ag geneem het en laat daarom die beslissing oor sy optrede in die sake aan homself oor.”¹⁴⁰ 'n Verontskuldiging – met darem net so 'n effense vermanende beroep op die professor se gewete!

Daar is geen aanduiding dat die verdere verloop van die gebeure, tot middel Augustus, enige verdere rimpelings in PUK kringe tot gevolg gehad het nie. In September toets Duvenage die Senaat se gevoel oor sy voorgenome kandidatuur in die munisipale verkiesing wat in Oktober gehou sou word en deel hulle mee dat hy hom nie weer as burgemeester beskikbaar gaan stel nie. Hy kry van sy eie mense die groen lig: niemand het besware nie.¹⁴¹

Ten September was die strydbyle waarskynlik weggebêre. Duvenage as burgemeester is prominent tydens 'n besoek van minister van Verdediging H Mentz en ander hoë militêre offisiere en stel die heildronk in op die Unie Verdedigingsmag. Ook teenwoordig was administrateur A Robertson, wat op sy beurt wys op die noodsaaklikheid vir 'n plek soos Potchefstroom om homself te adverteer “maar dan niet op de wijze zoals dat in de laatste tijd gedaan was”.¹⁴²

Met Duvenage se skielike en vroeë dood, na 'n beroerte aanval aan die begin van Mei 1923 (hy was slegs 40 jaar oud), word daar hoë hulde gebring aan 'n man wat, hoewel dikwels omstrede, vanaf sy diensaanvaarding aan die Teologiese Skool in 1906 diep spore getrap het. Met uitsondering van die jaar toe hy in Kaapstad sy studies voortgesit het, het hy vanaf 1911 in die stadsraad gedien en was hy voorsitter van verskeie komitees, onderburgemeester en eerste burger vir twee termynne. Ten spyte van “enigsins driftig temperament en zijn daarmee gepaard gaande rondborstigheid”, sê die *Westelike Stem*, het Potchefstroom op drieërlei gebied – onderwys, munisipaal en sport – 'n groot verlies geleë.¹⁴³

Duvenage was ook in die akademiese wêreld 'n man wat na buite met aansien bekleed was, onder andere as verteenwoordiger van die PUK-Senaat op die eweknie-liggaam van die Universiteit van Suid-Afrika. Die Raad van hierdie universiteit het “die baie groot verlies” ten seerste betreur terwyl eie rektor Postma “in gevoelvolle woorde” oor sy afsterwe gepraat het en daarop gewys het dat sy werk nie genoeg gewaardeer kan word nie: “Hy was 'n band tussen die Kollege en die Dorp.”¹⁴⁴

In 'n “In Memoriam” het rektor Ferdinand Postma hulde gebring aan Duvenage as grondlegger van die Natuurkundige fakulteit en as 'n man van deurstellingsvermoë en van volharding, en 'n man




2.3.14

Prof APC Duvenage (links)... dikwels omstrede, maar hoë hulde by sy afsterwe. Die foto regs beeld sy begrafnis uit.

wat die moed gehad het om openlik vir sy oortuiging uit te kom. “Die Senaat het hom in al die jare as sodanig geken, en ook daarmee rekening gehou. Dat hy in die publieke lewe hierdeur dikwels vir homself onaangenaamhede op die hals gehaal het, kan verstaan word.” Hy was, sê Postma, ‘n groot vriend van die armes, teer, jammerhartig, ‘n trouhartige vriend, altyd gereed om te help.¹⁴⁵

APC Duvenage het ook op sportgebied baanbrekerswerk gedoen, veral as stigter (herstigter) van ‘n rugbyklub aan die Teologiese Skool in 1906 en as bestuurslid van die Wes-Transvaalse rugby-bestuursliggaam.¹⁴⁶



2.3.15

Prof Jan Kamp ... “kon van jongkêrels MANNE maak, het hoofde in harte gevorm”.

Met die afsterwe van prof Jan Kamp in Julie 1924 het die PUK ewe-eens ‘n groot openbare figuur verloor, ‘n man wat deur sy uitsprake en optredes veel gedoen het om die Christelike en nasionale karakter van die Teologiese Skool en die PUK uit te dra en te bestendig. Hy was “‘n man van betekenis”, ‘n letterkundige kritikus wie se naam in Suid-Afrika ‘n “goeie klank” gehad het en wie se aanwesigheid aan die Kollege baie studente gelok het om onder sy leiding te kon studeer.¹⁴⁷

Hoë hulde wat by sy afsterwe en later aan hom gebring is, gee insig in sy persoonlikheid en karakter. Volgens goeie vriend en kollega JD du Toit, het hy as joernalis in die voorste ry gestaan: “Beter, besielender, kragtiger, beslister, geweldig as hy het niemand geskrywe nie.” Maar hy was ook knap opvoedkundige: “Hy kon méédeel, hy kon inspireer, hy kon van jongkêrels MANNE maak. Hy was professor en onderwyser, hy het hoofde in harte gevorm.” As literêre kritikus het Kamp in Suid-Afrika “heeltemal vooraan gestaan” en die beginsels van Gods Woord ook in die letterkunde ingedra.¹⁴⁸ As literator was hy deeglik ingewerk op die Nederlandse, Afrikaanse, Duitse en Franse letterkunde.¹⁴⁹

Die mondstuk van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het die “vroegtydige heengaan” van die man “wat met tere hand gewaak het oor die boompie van ons Afrikaanse kultuurlewe en wie se gerypte letterkundige insig ook hierdie tydskrif waaraan hy soveel ernstige arbeid gewy het, verder sal moet mis”, betreur.¹⁵⁰ As jong kollega en ook oudstudent van hom, getuig HG Schulze jare later oor Kamp: “P.U.K.-diens, volksdiens, Godsdien. Die omgang van ‘Ou Kampies’ met die studente was enig: as professor het hy hoogagting en as studentevriend die liefde van sy studente afgedwing. Daar was min Hollanders wat soos hy die Afrikanersiel begryp, hom in die Afrikaner se denkwysse ingeleef het.”¹⁵¹

Naas Duvenage en Kamp was dit veral prof SPE Boshoff wat in die twintigerjare die PUK-vaandel in die openbare lewe vertoon, die stem van Potchefstroom vanaf die wyer akademiese en openbare verhoë



hoorbaar gemaak het.¹⁵² Boshoff het ook, soos Duvenage, 'n prominente rol gespeel in plaaslike regeringskringe. Vir baie jare lank stadsraadslid, het hy vir drie agtereenvolgende termyne, 1925 tot 1927, as burgemeester van Potchefstroom gedien en was hy as sodanig voortdurend in die kollig. Onder sy leiding is toegesien dat die sitting van die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika, wat in April 1925 te Potchefstroom plaasgevind het, vlot verloop het. By gebrek aan eie fasiliteite moes die stadsaal met sy komiteekamers asook die ou Gereformeerde Kerkie vir die verrigtinge gehuur word. Ook is uitstappies na die Landboukollege (Proefplaas) en die dam ontspanningsoord vir die afgevaardigdes gereël. As burgemeester het Boshoff 'n ruim bydrae gemaak tot die onthaal wat deur die stadsraad aan die besoekers gegee is.¹⁵³

'n Plaaslike koerant het in sy persoonlike kolomme een en ander berig oor enkele afgevaardigdes van naam en faam, soos onder meer die bekende historikus George Corey, en ook verslag gedoen van die verwelkomingsfunksie vir die ongeveer 120 persone. Net om dan só af te sluit: "The Senate then proceeded to its agenda, which is of little or no general interest."¹⁵⁴ Wat nie juis vlelend vir die akademie was nie!

Die PUK figureer in 1925 ook nog ten opsigte van etlike ander gebeurtenisse van nasionale belang. Ten tye van die besoek van die Prins van Wallis vroeg in die jaar ondersteun die Universiteit 'n publikasie wat spesiaal by die geleentheid uitgegee sou word, deur inligting oor die PUK deur te gee. En toe daar 'n klein oorskot is na die besoek van die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika, word dit gestort in 'n fonds wat vir die Prins se besoek aangelê is. Daar was ook geen beginselbesware om 'n skild met die PUK-wapen daarop aan te bring op die ereboog wat die Britse troonopvolger by sy aankoms in Potchefstroom begroet het nie. En, les bes, het prof Postma ook die ontvangs van die prins in Pretoria bygewoon.¹⁵⁵

Die besoek van "Prince Charming" - soos daar, as 't ware met profetiese insig, in die pers verwys is¹⁵⁶ na die man wat later die Britse kroon prysgegee het ter wille van sy liefde vir 'n geskeide vrou, kan maklik as Potchefstroom se sosiale gebeurtenis van die dekade beskryf word, al het dit net enkele ure geduur. Die plaaslike gemeenskap het behoorlik uitgehang om Sy Koninklike Hoogheid tuis en welkom te laat voel. En die man in die middel, die gasheer, was 'n vuurwarm Afrikaner, 'n man op die voorposte van die stryd om Afrikaans 'n regmatige plek in die land te laat inneem, 'n man wat 'n dekade tevore weens sy deelname aan die Rebelle hom vereenselwig het met diegene wat hul heil buite die Britse Ryk sou soek: prof SPE Boshoff van die PUK.

Vir Boshoff, en vir diegene getoë in die Afrikaner nasionalistiese atmosfeer op die Bult, moes die bewoording van sy adres aan die Prins, namens die dorp en gemeenskap, seker effens vreemd op die oor geklink het: "Ons, Sy Majesteits allereerbiedigste en aller onderdanigste onderdane ... wens onderdaniglik ... U Koninklike Hoogheid hartlik te verwelkom in Potchefstroom ...".¹⁵⁷

Maar Boshoff kon tevrede voel: daár, neffens Engels, pryk ook Afrikaans, sy vaktal en pas in dié jaar erken as amptelike landstaal; en daár, teen die ereboog – al is dit onder 'n wapperende "Union Jack" – 'n plakkaat van sy Kollege se embleem, die simbool van die Christelike en nasionale (dit wil sê, Afrikaanse) karakter van die PUK. En boonop het hy die veelal misverstaande 1912-visie van generaal Hertzog, omvattende Afrikaans- en Engelssprekende Afrikaners, verwoord in die berymde boodskap: "Boer and Briton are we, but all of us Afrikaner in our Welcome to Thee."¹⁵⁸

Toe genl JBM Hertzog einde 1926 terugkeer van die Rykskonferensie, gewapen met die Balfour-verklaring oor die onafhanklikheid van lidlande van die Statebond, reis Boshoff na Pretoria om sy gemeenskap by 'n feestelike ontvangs vir die generaal te verteenwoordig.¹⁵⁹

Met Boshoff se vertrek teen die middel van 1930, om 'n professoraat aan die Universiteit van Kaapstad te aanvaar, het die PUK en Potchefstroom 'n kleurrike en dinamiese persoonlikheid verloor, 'n man wat vorentoe nog dieper spore in die akademie en openbare lewe sou trap.¹⁶⁰

Dit is tog asof daar iets was wat gepla het by Boshoff se weggaan. Was dit sy kerkverband, of was dit sy "verligtheid", soos dit na vore gekom het tydens die besoek van die Prins van Wallis? Sy afskeidsboodskap aan die PUK was glo dat die PUK sal moet leer om vriende te maak ...¹⁶¹

Die PUK en veral prof Boshoff se betrokkenheid en deelname aan die feestelikhede rondom die besoek van die Britse koninklike en insiklikheid met die Balfour-verklaring dui egter nie op 'n versaking van die Afrikaner karakter van die inrigting noudat hy deel van die breër universiteitsopset geword het nie. Die Afrikanerhart op die Bult het steeds warm geklop ...

By die opening van die kollege aan die begin van 1922 het rektor Postma persoonlik 'n gloeiende huldeblyk jeens die ontslape Boeregeneraal, genl CR de Wet, gelewer. Terselfdertyd het hy ook met trots verwys na kollega SPE Boshoff, pas terug vanuit Nederland waar hy gepromoveer het met 'n proefskrif "Volk en Taal van Suid-Afrika": "Daar was 'n boumeester aan die werk, wat 'n monument opgerig het vir die Volk en Taal



2.3.16

EREBOOG. “Vlak voor die stadshuis het ‘n fraaie erepoort gestaan met welkom in Engels en Afrikaans asmede die jaartalle 1839 (die stigtings jaar van Potchefstroom) en 1925. Verder was daar tussen die groen van die beide systutte van die erepoort artistiek in elkaar gesette wawiele van mielikoppe aangebring, asmede die skilde van onderskeidende verenigings en inrigtings van onderwys ...” (Westelike Stem, 24.6.1925, p 5)



2.3.17

“PRINCE CHARMING”. Dit is hoogs te betwyfel of die studente van die PUK hulle enigsins gesteur het aan die opwinding wat die res van die dorp getref het. Nóg in die studentebblad, nóg in verslae van verenigings en organisasies, nóg in die herinneringe van oudstudente is enige verwysings na hierdie gebeure aangetref. Dit kan egter nie uitgesluit word dat wel hier en daar ‘n nuuskierige student probeer het om ‘n blik te kry op die jeugdige en flambojante kroonprins wat veral vroueharte vinniger laat klop het nie ...

van Suid-Afrika.”¹⁶² Met die oog op die honderdste herdenking van Paul Kruger se geboortedag, op 10 Oktober 1925, het die Senaat vir prof Boshoff aangewys om leiding te neem en ‘n vergadering te belê. ‘n Gedagte van prof Postma dat twee lede die PUK tydens die vieringe te Pretoria moes verteenwoordig, het egter nie gerealiseer nie. Daar is darem op senaatsvlak kennis geneem van die program van die Kruger-eeufees, terwyl Saterdag 10 Oktober as ‘n vakansiedag vir die PUK verklaar is.¹⁶³ Tydens die plaaslike Krugerfees op Potchefstroom het prof JA du Plessis vir Paul Kruger vergelyk met Abraham Lincoln van Amerika. Mev (prof) Boshoff het by die aandfunksie enkele sangitems gelewer terwyl prof CJH

de Wet te Steynsburg opgetree het.

Vir die fyngesnaarde Afrikaner-nasionaliste in studentegeledere was dit daar skynbaar van studentekant nie voldoende huldebtoon nie. Ten spyte van ‘n redaksionele huldigingsartikel (moontlik uit die pen van redakteur S (Fanus) du Toit) en nog ‘n bydrae oor die volksheld, was “T.W.” in dieselfde uitgawe van die studentebblad Veritas Vincet uitgesproke krities oor die PUK (studente) se hantering van die saak: “Maar ook die grootste gebeurtenis, die Krugereefees, 10 Oktober, in die hoofstad van die Transvaal gevier, word hier aan die P.U.K. blou-blou gelaat. En tog beroem die P.U.K. hom daarop dat hy die beginsels van daardie



2.3.18

“TW” spreek kwaai kritiek uit teen Pukke se louheid oor die Paul Kruger-eeufees, 1925.

volksman traag [sic!] te handhaaf. Was dit nie die sedelike plig van die P.U.K. om as een georganiseerde liggaam die feestelikheid by te woon en hulde te bring aan die gevierde leier van die Afrikaanse volk nie? Toe het egter die studenteiers nie opgedaag nie!”¹⁶⁴

Skynbaar was dit darem beter gesteld met die herdenking van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners, ‘n halfeeu tevore. “T.W.” rapporteer met opsigtelike vreugde dat “die feestelike bande wat die egte Afrikaner element aan die P.U.K. verbind met daardie stoere voorlopers”, gevoel en gewaardeer is.”¹⁶⁵

Dat die PUK-studente darem nie sy groot weldoener vanuit die donker dae na die Anglo-Boereoorlog heeltemal vergeet het nie, blyk uit die feit dat Paul Kruger se verjaardag in Oktober 1928 in samewerking met die PUK-tak van die Afrikaanse Nasionale Studentebond feestelik herdenk is.”¹⁶⁶

In oorleg met die plaaslike stadsraad het die Raad en die Senaat van die PUK in 1925 voogdyskap oor ‘n nuwe “Voortrekkers Museum” aanvaar “sodat die publiek met gerustheid die waardevolle gifte aan die

museum kan toevertrou”. Prof Postma was een van die erevoorsitters op die werkende komitee terwyl lektor AJH van der Walt visevoorsitter van die nuutgestigte Historiese Kommissie was. As doelwitte is gestel die versameling van voorwerpe uit die Voortrekkertydperk, en van swart volke met wie die Voortrekkers in kontak gekom het. Verder sou gekonsentreer word op fases in die ontwikkeling van die Afrikaanse volkslewe.¹⁶⁷ Voortaan sou personeel van die PUK, en veral historici, ‘n prominente rol speel in die ontwikkeling en uitbou van hierdie projek, totdat dit uiteindelik in die hande van die plaaslike stadsraad oorgegaan het.

‘n Ander stuk Afrikanerkultuur wat in hierdie tyd in die boesem van die PUK gekoester is, was ‘n Voortrekkerwa wat volgens oorlewering tydens die Groot Trek in gebruik was en deur Ferdinand Postma bestempel is as ‘n “hoogs waardevolle erfstuk van die ou Voortrekkers”. Hierdie wa, wat saam met Piet Retief se trek Natal toe was en deel van die laertrek te Bloedrivier was, het na vele omswerwinge tydens die Anglo-Boereoorlog in Potchefstroom tot ruste gekom, waar dit vroeg in die twintigerjare deur bemiddeling van Gimnasium-onderwyser JV Coetzee en by wyse van ‘n pennielegging deur skoliere en studente van die PUK, vir £2-7-6 aangekoop en vir veilige bewaring aan die PUK se “Voortrekkers Museum” pie, soos JV Coetzee daarna verwys, oorhandig is.”¹⁶⁸ In 1924 het hierdie historiese wa ‘n draai in Londen gaan maak, toe dit op bruikleen aan die regering tydens ‘n groot Rykstentoonstelling te Wembley uitgestal is. Dit was vir £1 000 teen skade verseker. In November 1924 is besluit dat die wa vir ‘n verdere termyn van een jaar aan die regering geleen sou word.”¹⁶⁹

Die Afrikanerkarakter van die PUK is in 1928 verder onderstreep toe prof Postma, in samewerking met dr JRL van Bruggen van Normaal, die inspirasie was agter die herstigting van die Helpmekaar-beweging, wat steeds in die Kaap gedy het. En op sy besoeke aan verskeie kleiner Vrystaatse dorpie het hy dieselfde verskynsel waargeneem: “Daar staan die Afrikaners bymekaar, afgesien van party ... In die Kaap besit die Vereniging £50 000, vir opvoeding en ekonomiese doeleindes. Dit is ‘n groot faktor in die opbou van die Afrikaner volk.”¹⁷⁰

In die rektor se jaarverslae word niks gemeld van besoeke deur plaaslike of internasionale akademici in 1927 nie. ‘n Konferensie van studente en oudstudente is egter in September 1926 deur die Kristelike Unie (voorheen die Vereniging vir Kristelike Hoër Onderwys) aangebied waartydens Skrifgesentreerde temas deur plaaslike professore behandel is. Die tema van die konferensie was “Die Heilige Skrif en die Natuurwetenskappe” en referate is gelewer deur proff JD du Toit, G van Wageningen en DJ van Rooy asook dr H.G. Stoker en DJ du Plessis.”¹⁷¹ Volgens Postma



2.3.19

Onder dié derduisende “stormlopers” op die Wes-Transvaalse delwerpe het ook ‘n paar PUK-personeelle hulle bevind.

was hierdie referate “getuienis van die standpunt wat die P.U.K. op wetenskaplike gebied inneem” en is die wens uitgespreek dat dit ‘n jaarlikse instelling sal word.¹⁷² Baie dekades later sou hierdie gebruik vergestaltung vind in gereelde interfakultêre lesings.

‘n Plan om in 1928 “Die Skrif en die Geesteswetenskappe” aan die orde te stel, het nie gerealiseer nie omdat dit deur ‘n algemene ledevergadering vervang is.¹⁷³ Tydens hierdie vergadering was dit veral die gewetenskousule wat in die kollig geplaas is terwyl besluit is om voortaan te konsentreer op die verspreiding van die Unie se “Christelike beskouing oor volksake”. Vanaf hierdie stadium is veral gekonsentreer op die publikasie van brosjures en propaganda van Christelik wetenskaplike aard, ter bevordering van die Calvinistiese beginsel op politieke-maatskaplike gebied.

‘n Uitloper van die CU-aksie was die totstandkoming van die Calvinistiese Bond, wat aansluiting sou vind by soortgelyke aksies in Nederland en Engeland en bedoel was as “‘n volksorganisasie in Calvinistiese sin op die breëds moontlike grondslag, desnoods deur opheffing van die Christelike Unie as sodanig met sy onvermydelike Potchefstroomse beperktheid”. Hiermee het die Calvinistiese Bond dus die Christelike Unie vervang.¹⁷⁴

Dat PUK-dosente hulle nie in ivoortorings teruggetrek het nie, blyk uit ‘n versoek van Aardrykskunde dosent dr JP van der Merwe, vroeg in 1927, dat hy en vyf ander personeellede die epogmakende stormloop op die delwerpe in die verre Wes-Transvaal kon gaan bywoon. Verlof is toegestaan “op voorwaarde dat voorsiening vir die werk gemaak word”.¹⁷⁵

Of van der Merwe en sy kollegas net uit nuuskierigheid gegaan het en of, gesien dalk hul karige salarisse, hulle ook van plan was om aktief deel te neem en teen betaling vir prospekterders te hardloop en kleims af te steek, word nie vermeld nie. Die aanvanklike stormloop of “rush” wat vir 21 Februarie bepaal was en waartydens 21 000 hardlopers opgedaag het, het in chaos ontaard en is onwettig verklaar omdat die reëls by die wegspring nie nagekom is nie. Die koerante was vol oor die kansellasië sowel as oor die nuwe stormloop en so beland die PUK-dosente se versoek op die Senaat se tafel.

Dit moes vir die sestal PUK-dosente egter ‘n onvergeetlike belewenis gewees het, daárdie 4de Maart 1927 – toe ongeveer 30 000 hardlopers ten aanskoue van ongeveer 15 000 nuuskieriges en onder die wakende oog van 600 polisiemanne op die plaas Garsfontein in die Lichtenburgse distrik aan ‘n wedloop van ongeveer vier kilometer deelgeneem het, om kleims vir hulleself of hulle borge af te steek. AD Bosman beskryf die gebeure só: “Toe die ... vlag na benede val, het die duisende in alle erns en met mening oor die veld geskeer. Dit was asof ‘n donderweer losgebars het ... Vrouens wat ook deelgeneem het, het die rokke tot hoog bokant die knieë vasgeknoop, ou mans het hinkende voortgesleep in die geloof dat daar wel ook vir hulle ‘n ryk stukkie aarde weggeleë is. ‘n Jong man vir wie die ooreising te veel was het neergeslaan en net daar gesterf. Eers twee dae later kon vasgestel word wie hy was.”¹⁷⁶

In 1927 het verteenwoordigers van die Carnegie Corporation van New York onder leiding van dr FP Keppel (president) en J Bertram (sekretaris) en as deel van ‘n omvattende ondersoek na biblioteektoestande in

Suid-Afrika en buurstate, ook besoek afgelê by die PUK en is die grondslag gelê vir finansiële ondersteuning deur hierdie wêreldberoemde weldoener op die gebied van die biblioteekwese.¹⁷⁷ Dat die PUK hierdie besoek nie lig geskat het nie, getuig die feit dat die Raad die rektor, registrateur, raadslede Nel en Stoker en burgemeester Boshoff afgevaardig het om die filantropiese organisasie se verteenwoordigers te woord te staan¹⁷⁸ en dat bepaalde voorstelle namens die Raad aan die deputasie gedoen is, “om ook hier die wetenskap en kuns te bevorder”.¹⁷⁹

As uitvloeisel van hulle besoek is ‘n ondersoekspan van twee kundiges, die here MJ Ferguson en SA Pitt, in Augustus 1948 na Suid-Afrika gestuur, vir ‘n deeglike ondersoek met die oog op bewilligings van die kant van die korporasie. Tydens hul driemaandelange besoek kon hulle weens ‘n druk program en “infrequent train service” nie besoek op Potchefstroom aflê nie en het hulle, wat toestande in die algemeen maar ook dié aan die PUK betref, sterk verlaat op die bevindinge van die Van der Horst-kommissie van 1928. Maar Pitt-hulle het ook weer twee verteenwoordigers van die PUK te woord gestaan, voordat tot die bevinding gekom is: “With its existing provision the College Library cannot do more than meet the more obvious needs of students, and a large amount of money would be required to make its collection reasonably representative.” Waar die Carnegie-verslag bevind het dat die biblioteke van die universiteitskolleges te Pretoria en Grahamstad kleiner was as dié van ‘n goeie Amerikaanse hoërskool,¹⁸⁰ kon verwag word dat die oordeel oor die PUK se

karige geriewe dalk veel skerper kon wees.

Opmerklik is ook die afwesigheid van ‘n afgevaardigde van die PUK-biblioteek by die groot nasionale biblioteekkonferensie wat in November 1928 te Bloemfontein gehou is en waar biblioteektoestande in die land skerp in die kollig gekom het. Meer as 100 afgevaardigdes wat biblioteekbelange oral in Suider-Afrika verteenwoordig het, het die konferensie bygewoon en hoewel hy nie teenwoordig was nie, is prof Ferdinand Postma tydens die konferensie benoem as lid van ‘n kommissie om statute vir ‘n beoogde Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging saam te stel. Hy is ook aangewys as lid van ‘n uitvoerende bestuur wat moes toesien dat die bevindinge en besluite van die konferensie ten uitvoer gebring word.¹⁸¹

Die maandblad vir die bevordering van verhoudinge tussen Nederland en Suid-Afrika, *Zuid-Afrika*, het in April 1918, op ‘n tydstip toe van Nederlandse kant veel gedoen is om die bande met veral Afrikaanstaliges hechter te knoop, die aandag gevestig op hierdie groot belangstelling van die Carnegie-groep in Suid-Afrika. Hulle het naamlik meer as £50 000 vir verskeie projekte en skemas beskikbaar gestel, waarvan £18 000 net vir wetenskapsbevordering.¹⁸² Van hierdie bedrywighede het ook weerklank op die verre Wes-Transvaalse vlaktes gevind.

In Mei 1928 en in reaksie op ‘n omsendskrywe van die registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika, wat as sekretaris van die Carnegie Corporation Visitors’



2.3.20

DIETSE STUDENTE 1929. Op studentevlak was daar van tyd tot tyd oor-en-weer besoeke van Suid-Afrikaanse en Dietse studente (van Nederland, België en Duitsland). In 1929 het so ‘n Dietse groep weer ‘n draai op die PUK kom maak en het die plaaslike studente hul stamgenote onder meer met ‘n daguitstappie na Parys onthaal. Dié drie foto’s wat daar geneem is, is uit die albums van destydse studente-leiers JF (Jan) du Plooy en sy aanstaande vrou, Dolly le Roux.



Grants Committee gefunksioneer het,¹⁸³ word 'n aanbeveling gemaak dat hierdie organisasie 'n professor in Eksperimentele Sielkunde en Opvoedkunde stuur, met spesiale aanbeveling Prof Gates van Columbia of Prof Dearborn van Harvard.¹⁸⁴ In November dieselfde jaar word weer instemming betuig met 'n voorstel van die korporasie dat 'n Amerikaanse professor, dr Clyde Furst, besoek sal bring aan Suid-Afrika met die doel om die samestellende kolleges te kom adviseer in verband met akademiese/universitêre administrasie.¹⁸⁵

In 1927 het prof JW Pont, voorsitter van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereniging (NZAV) weer besoek gebring aan Suid-Afrika, met die uitsluitlike doel om, namens Nederlandse ondersteunersgroepe onder die vaandel van die NZAV, die Nederlandse invloed op kulturele gebied in Suid-Afrika te bevorder. Behalwe vir 'n baie terloopse verwysing na 'n gesprek wat met prof Gerrit Dekker gevoer is – sonder om te noem waar en waaroor – figureer Potchefstroom of die PUK glad nie in sy verslag oor beraadslaginge en onderhandelinge wat uitgeloop het op die totstandkoming van kommissies vir die Studiefonds van die vereniging wat te Kaapstad/Stellenbosch, Pretoria, Bloemfontein, Johannesburg en Pietermaritzburg gestig is nie.

Die Studiefonds se oogmerk om Nederlands spesifiek aan één universiteit te bevorder, het gekulmineer in die stigting van 'n Nederlandsch Cultuurhistorisch Instituut en 'n ooreenkoms om 'n leerstoel aan die Universiteit van Pretoria in stand te hou. Enkele jare tevore, erken Pont, sou dit nie moontlik gewees het nie, maar nou wel omdat TUK "al meer een Afrikaansch-Hollandsch karakter gekregen heeft".¹⁸⁶

Dit was duidelik dat die PUK die bus verpas het. 'n Dekade vroeër was PUK, weliswaar toe nog as die Literariese of Kollege Departement onder die vlerk van die Teologiese Skool, by uitstek dié instansie waar die nasionalistiese ideale van die NZAV verwesenliking kon vind of gevind het. Die ongemaklikheid en by tye die spanning wat geheers het oor die voortdurende versoeke om finansiële hulpverlening, die byna fanatiese bewieroking van die PUK deur die Nederlandse verteenwoordiger in Pretoria, die heer ADR Bisschop – wat kennelik nie aanklank by die "Nederlandse vriende" gevind het nie – en die feit dat die TUK gaandeweg in die twintigerjare ook meer en meer 'n Afrikaanse karakter begin aanneem het, het natuurlik die skaal heeltemal teen die PUK laat swaai.

Dit moet nie buite rekening gelaat word nie dat prof JW Pont van meet af aan nie juis as vriend van die PUK gereken kon word nie. Aanduidings is dat Pont 'n groot remskoen was, vir sover dit die destydse finansiële hulpverlening aan die PUK betref.¹⁸⁷ Prof Pont se seun, D Pont, was natuurlik ook vanaf 1927, as

professor in regte, verbonde aan die TUK.¹⁸⁸ Die noue bande tussen PUK en die VU, soos veral geblyk het tydens die besoek van prof HH Kuyper in 1924, en die gevoel wat daar by Kuyper en andere was teen Pont se basis, die Universiteit van Utrecht, kon heel moontlik ook teen die PUK getel het. Dit moet onthou word dat die PUK se stryd teen die gewetenskousule in die twintigerjare op sy hewigste gewoed het en dat die Utrecht-georiënteerde dr DF Malan as een van die heftigste opponente na vore getree het in 'n stryd waar, tot nadeel van die PUK, veel gemaak is van die Gereformeerde-kerklike karakter van die instelling. Skynbaar deur bemiddeling van prof Pont is daar darem in 1927 'n waardevolle skenking boeke van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereniging aan die PUK laat toekom.¹⁸⁹

In 1928, die jaar waarin die PUK waarskynlik sy grootste krisis beleef het as gevolg van die ongunstige verslag van die Van der Horst-kommissie, gaan dit baie bedrywig vir sover dit skakeling en die uitdra van die PUK se beeld na buite betref. Die behoefte aan akademiese kruisbestuiving en 'n besef van die relatiewe logistieke geïsoleerdheid van die PUK het meegebring dat alles



2.3.21

Prof en Mev C Meinhoff van Berlyn ... Afrika-temas behandel.

moontlik gedoen sou word om buitelandse akademici na Potchefstroom te bring. Daar is gevolglik besluit om, naas onkoste, ook 'n honorarium van drie ghienies (£3-3-0) per lesing te betaal en is die Raad versoek om jaarliks 'n bedrag vir sodanige lesings op die begroting te plaas.¹⁹⁰ Twee gasdosente vanuit die buiteland tree voor personeel en studente op. Prof dr C Meinhoff van Berlyn lewer voordragte oor "African Languages" en "African Religions" terwyl prof dr MC Schuyten van Antwerpe die temas "Darwinisme en Evolusie" en "Functionele Assymetrieën in die Natuur en bij het kind" behandel.¹⁹¹ Van PUK-kant is, op navraag van die Universiteit van Suid-Afrika, wat die administrasie van die South African Universities Lectureship Committee behartig het,¹⁹² bepaalde praktiese probleme geopper teen 'n voorgestelde internasionale uitruilskema vir professore, maar tog gewilligheid getoon om oorsese professore wat Suid-Afrika besoek, te nooi om op Potchefstroom op te tree.¹⁹³

Op uitnodiging van die plaaslike Vereniging vir Wetenskap en Kuns, waarop die PUK verteenwoordiging had, is ook nog vier interessante voordragte in die loop van 1928 deur manne van faam op PUK-bodem aangebied. Die bekende kunstenaar en argitek Gerhard Moerdyk het die kollig laat val op "Suidafrikaanse Boukuns", prof EH Brookes (TUK) het "The Influence of Scientific Theory on Political Theory" ontleed en prof RFA Hoernlé van die Universiteit van die Witwatersrand het 'n lesing aangebied oor "Idealism as a Philosophy".¹⁹⁴ Ook is besluit om aan die plaaslike sekretaris van die British Association for the Advancement of Science te skryf, te vra welke lede wanneer beskikbaar is vir lesings, en hoedanige honorarium gegee moes word. Om die daad by die woord te voeg, word een van proff Molengraaff, Eddington en Wildon-Carr gevolglik uitgenooi, vir 'n lesing in die stadsaal – en word dit aan drs HG Stoker en LJ du Plessis opgedra om die lys deur te kyk vir nog kandidate.¹⁹⁵

En, les bes, het Sy Edele Srinivasa Sastri, Indiese staatsman en geleerde en groot kampvegter vir die regte van Indiërs, vir die Potchefstromers meer kom vertel oor Mahatma Gandhi, die groot kampvegter vir Indiërregte en apostel van lydelike verset.¹⁹⁶ Sastri, wat in 1927 as die eerste Indiese gesant (agent-generaal) in Suid-Afrika aangestel is,¹⁹⁷ het naamlik in September 1928 die studente van PUK en Normaal in die stadsaal toegesprek. En daár hoor die jong Afrikanertjies uit die mond van 'n baie belangrike verteenwoordiger van die Indiese nasie dat daar geen beswaar is dat die blankes op politieke gebied die beheer kan behou nie, en dat daar groot tevredenheid met die regstelsel is. Tog word gevoel dat die proporsie Indiërs wat in die samelewing opgeneem kan word, volle geleentheid behoort te kry vir ontwikkeling op handelsgebied, vir die besit van grond en dies meer.

MR. SASTRI'S VISIT TO POTCH.

A CORDIAL WELCOME.

FRIDAY'S NOTABLE EVENTS

The welcome to Potchefstroom given by the European community to the Rt. Hon. V. S. Srinivasa Sastri on Friday last was a remarkable happening, altogether apart from the natural enthusiasm of the Indians themselves at having in their midst a notable personage who has achieved a high position in Imperial affairs and who has secured for his compatriots in South Africa far-reaching consideration at the hands of the present Government. The Old Capital, as the birthplace of the agitation throughout the Transvaal against "the Indian invasion," and a town that has maintained a fighting attitude over the question of Asiatic rights in this Province, last week did honour in no mean fashion to the Agent-Gen.



THE RT. HON. V. S. SASTRI.

eral for India on the occasion of his official visit to his fellow-countrymen of the Potchefstroom and Ventersdorp areas.

Mr. Sastri, who was accompanied by Mr. J. D. Tyson, I.C.S., secretary, Mr. C. S. Ricketts, M.B.E., assistant secretary, and Mr. P. Kondanda Rao, private secretary, together with several representatives of the S.A. Indian Congress, was met on the Johannesburg road by a miniature cavalcade of decorated cars, the Mayor (Mr. A. J. Nel, M.P.C.), being among those who went out to welcome the distinguished visitor to the town. Mr. Sastri and his staff were accommodated at the King's Hotel, and he was the guest of the Normal College authorities to luncheon at that institution, thereafter lecturing to a crowded audience of students and others in the Town Hall. The subject was "Ghandi", and it is not too much to say that Mr. Sastri held his hearers fascinated by the eloquence of his extempore address, delivered without a written note and with a fluency of speech and wealth of fine language that marked him as one of the orators of the age.

2.3.22

S Sastri, Indiese staatsman.

Sastri het sy tevredenheid uitgespreek oor die erkenning van hul burgerskap en sekere regte deur die Pakt-regering. Ook het hy 'n beroep gedoen op "a change of heart" by Suid-Afrikaners en dit byna aggressief uitgespel dat die Indiërs gekom het om te bly: "Die blanke is verplig om die Indiër te verteer. Hy kan ook nie soos 'n vreemdeling behandel word nie. Diegene wat gelukkigheid in die ongelukkigheid van andere soek sal dit nie verkry nie."¹⁹⁸

Dat daar van PUK-studentekant nie onverskillig gestaan is teenoor "die geestelike reusefiguur van die Ooste", Mahatma Gandhi nie, blyk uit student (en latere predikant) AL Aucamp se beskouinge enkele jare later. Hoewel daar grondliggende verskille tussen die godsdienste van die Ooste en die Weste is en van Calvinistiese kant sterk gestry moet word teen die Oosterse gedagte van selfverlossing (teenoor Christus-verlossing), verdien Gandhi tog eerbied en agting vir sy kragtige persoonlikheid en vir die absolute uitlewing van sy belydenis. Hieruit is die les te leer: "Deur ons lewe moet ons ons beginsels, geput uit



Gods Woord uitdra en dit stel teenoor insluipende Oosterse-godsdiensbeskouing, teenoor opkomende modernistiese en evolusionistiese filosofiese idees, wat dreig om die grond van Calvinisme, gebaseer op die geopenbaarde Waarheid, onder ons voete uit te slaan.”¹⁹⁹

Die groot verskeidenheid temas veral, maar ook die sprekers, getuig oorvloediglik van die strewe en ywer na vermeerdering van kennis en akademiese kruisbestuiwing in die geledere van die akademiese korps wat die jong universiteitskollege in die nog ietwat troebel vaarwaters van die ontluikende universiteitswese van Suid-Afrika moes inlei. Die blote aanwesigheid en die reklame wat aan die optredes van buitelandse geleerdes verleen is, het die PUK beslis in die loop van die twintigerjare “op die kaart geplaas”, terwyl personeel met optredes na buite weer veel gedoen het om die PUK by sy ondersteunerskorps in die gemeenskap bekend te stel.

Of die kommissie wat in dié tyd aangestel is om onder meer die universiteitswese in sy geheel te ondersoek, hiervan kennis geneem het, is te betwyfel ... **(kyk hoofstuk 2.4)**

2.3.5 Eerste koshuise ... en ‘n eie stasie (“Cachet”)

Voldoende en geskikte huisvesting vir studente van elders was ‘n probleem waarmee al van Burgersdorp se dae geworstel is. Ontevredenheid oor die sogenaamde “duiwelhokkies” waarin destyds gebly moes word, was een van die bydraende faktore vir die ontevredenheid met Burgersdorp as setel van die Teologiese Skool en die daaruitvoertvloeiende besluit om die Skool met sy ontluikende Literariese Departement in 1904 na Potchefstroom oor te plaas. Op Potchefstroom gekom, was “Treurspelhal” en “Dampieshal” nie juis die utopia wat vir die eertydse Burgersdorpers voorgehou is nie. Gelukkig kon daar spoedig na die beloofde nuwe losieshuis, met die naam “Ons Tehuis” en plek vir 26 kosgangers, oorgetrek word.

Vroeg in 1912 beleef die Teologiese Skool ‘n oplewing, vir sover dit studentetalle betref – maar dit skep dadelik ‘n ruimteprobleem: “Schoollokale word te klein. Evenzo ‘t logieshuis. Wij snakken naar meer ruimte.” Maar daar is darem vooruitsigte, en voor die einde van die jaar word ‘n tweede losieshuis betrek.²⁰⁰ Losiesgeriewe is in hierdie tyd nog gedeel met die leerlinge van die Voorbereidende Skool en later met Potchefstroom Gimnasium.

Met die onsekerheid en woelinge rondom die bestemming van die ietwat enigmatiese Literariese Departement teen 1921 agter die rug, sou die

jong universiteitskollege nou, vir oorlewing en vooruitgang, besondere aandag moes gee aan hierdie ondersteunersbasis: studente wat van heinde en ver om ‘n besondere rede – die karakter van die PUK – hul skrede na Potchefstroom gewend het. Ook dames.

Dameslosies

Nadat Martha Lugtenburg die ys gebreek en ‘n bres in die mannevesting geslaan het, het geleidelik meer dames hul skredes na die ontwikkelende universiteitskollege gewend. Waar hierdie pionier self tuisgegaan het tydens haar aanvanklike studiejare kon nie vasgestel word nie.

Reeds aan die begin van 1920 is ‘n huis gehuur vir enkele dames en sou ‘n sekere mev van der Linde dit op eie koste bedrywe. Die geldsake van die PUK was so benard dat in *Die Kerkblad* oproepe gedoen moes word om rentevrye lenings en “gifte”, om die maandelikse huishuur van £8 te kan betaal. Vir die huurgeld is aanvanklik niks ontvang nie, maar rektor Postma kon darem meld dat ‘n dame van Krugersdorp ‘n rentelose £5 vir die bou van ‘n meisieslosieshuis gegee het. Die verkryging van fondse is deur die Senaat aan prof APC Duvenage opgedra.²⁰¹

Duvenage het nie op hom laat wag nie en sowat 200 briewe uitgestuur, maar die sukses was “maar skraal”. Nou is besluit dat die registrateur ‘n ope brief sou rig aan “die moeders en dogters in die Geref. Kerk” en sou Duvenage probeer om ‘n organisasie van vroue en dogters plaaslik op die been te kry, om te help met fondsinsameling. ‘n Maand later rapporteer hy darem twee skenkings, van £5 en £10 onderskeidelik, en dat die vroue-organisasie onder leiding van mev Kamp op die been is.²⁰² Sake wou nie vlot by mev van der Linde nie en ‘n mev Dormehl het die losieshuis (met 3 loseerders) aan die begin van die tweede kwartaal oorgeneem, en is as huismoeder aangestel. Eersgenoemde het ‘n verliesrekening van £36 ingedien. Die toesig en beheer oor die dames losies is aan prof Duvenage en, tydens sy afwesigheid met studieverlof, ds WJ de Klerk opgedra, terwyl aan mev Dormehl toestemming gegee is om ook onderwyseresse as loseerders in te neem om die kostes te dek.²⁰³

Met bedryfskoste wat £15 per maand beloop, en ‘n beloofde maandelikse bydrae van £2.10 van die kant van die kuratore, het die Senaat besluit om ook die Raad (vir £7.10) en die beheerende liggaam van Gimnasium om bydraes te nader.²⁰⁴ Die boeke van die meisieslosieshuis wou maar net nie klop nie, soos Duvenage se verslag op 21 Junie 1921 aan die Senaat getuig.

‘n Jaar later is die huis van ‘n sekere mnr Crick (of Crik?), wat 20 persone kon huisves, as losieshuis

MEISIES-LOSIESHUIS, POTCHEFSTROOM.

Die Senaat van die Potchefstroom Universiteits-Kollege het gedurende die afgelope jare baie aansoeke ontvang om losies vir meisies, die na die Potchefstroom Universiteits-Kollege en die Potchef-

Graag sou die Senaat sien dat ouers, die hulle dogters na Potchefstroom wil stuur, sal gebruik maak van die losieshuis, om so die Senaat te steun in hulle doel, om 'n inrigting, waarheen ouers met gerustheid hulle dogters kan stuur, tot 'n sukses te maak.



stroom Gymnasium wou kom. Die Senaat het toen die behoefte aan een Meisies-losieshuis, in verband met bogenoemde inrigting gevoel, en het dan ook so 'n losieshuis daargestel. Die huis staat onder die bekwame toesig van Mev. Dormehl en verder, namens die Senaat, onder toesig van Prof. A. P. C. Duvenage.

Die losies-geld is £12 per skool-kwartaal, alles ingesluit. Doen ansoek by Mevr. H. Dormehl, Tom Str. of Prof. Duvenage, Molen Str.

A. P. C. DUVENAGE,
Namens Senaat P.U.K.

Potchefstroom, 10 Okt., 1921.

2.3.23

Eerste dameslosieshuis, bekend as "Wit Olifant".

gehuur, teen £10 per maand en met die opsie om te koop. Dit was waarskynlik 'n groot plek, soos blyk uit die feit dat dit 20 persone kon huisves en daar verwys is na "die molikheid om die gebou met die gronde" te kon koop.²⁰⁵ Hierdie huis het bekend gestaan as "Wit Olifant".²⁰⁶

Met inkorporasie en die daaropvolgende akademiese ordening het 'n komitee vir Losieshuise sy beslag gekry. Vroeg in 1922 word daar besin of voortgegaan moes word met die meisieslosieshuis. Die losieshuishuur is einde Maart 1922 opgegee en die huismoeder het intussen 'n ander gebou gehuur "waar die Senaat niks mee te doen het en nie voor verantwoordelik is nie". In die loop van die jaar blyk dit dat die meisieslosieshuis teen 'n verlies bedryf word, wat teen November 'n bedrag van meer as £67 beloop het. Duvenage het dit vir sy verantwoordelikheid geneem nadat die Senaat as borg geteken het vir 4 maande en hy die stoof en tapyt, gewaardeer op £12.10, as eiendom ontvang het. Hy het onderneem om vir 30 studente losies te verskaf indien die huis van 'n mev. Brink ook gehuur word, naas die meisieslosieshuis, en op voorwaarde dat losiesgeld £12.10 per maand is en studente hulle eie meubels verskaf.²⁰⁷

Aan die begin van 1923 is daar slegs twee PUK-dames in die meisieslosieshuis, saam met tien leerlinge van Gimnasium. Sophie Spoelstra, later getroud met eerste SVR-voorsitter Frikkie Robbertse, vertel vir haar ma van die omstandighede daár: "Ons slaapkamer het nie 'n venster nie, net 'n glas deur, en ons was te bang om dit snags te laat oopstaan, toe het Boetie en Willem vir ons 'n gaasdeur kom aansit. Die kamertjie is maar baie klein en kry nooit son nie." Boonop word dinge hier op 'n besondere manier gedoen, skryf sy: "Ek het my losiesgeld betaal, maar hulle gee nie kwitansies nie. Hulle sal darem seker nie kul nie, want die Gereformeerde broeders is gewoonlik darem nie van die geaardheid nie."²⁰⁸

Hierdie toestand sou voortduur tot in die dertigerjare, toe daar vir die eerste keer werklik losiesgeriewe vir dames op die PUK ingerig is.

"Ons Huis"

Hoewel die paaie van die Teologiese Skool en sy "grootmaak kind" in 1919 en toe weer in 1921 verder geskei het, was daar tog heelwat raakpunte en voortgesette kontak. Die nuwe universiteitskollege het aanvanklik voortgegaan om losiesgeriewe vir sy



manlike studente met die skool te deel.²⁰⁹ Maar ook hier het die eise van 'n eie identiteit te vertoon spoedig veroorsaak dat afsonderlike reëlings begin tref is. Soos bo gesien, het prof APC Duvenage en sy vrou in 1923 met morele steun van die Senaat en onder toesig van die Raad 'n losieshuis vir mans op die been gebring.

Dit is nie heeltemal duidelik nie, maar volgens JS du Plessis se voorstelling is albei huurhuise voortaan vir manstudente se losies gebruik.²¹⁰ Volgens oudstudent Willie Venter het hierdie losieshuise bekend gestaan as "Wit Olifant" en "Noordhuis", wat daarop dui dat die dubbelverdiepinghuis van vroeër steeds in gebruik was. Eersgenoemde is na 'n tydjie as koshuis ontruim terwyl "Noordhuis", volgens Venter, tot aan die einde van 1926 as sodanig benut is (dit is later deur prof CN Venter bewoon).


Studente moes destyds hul eie meubels voorsien en Venter (laat twintigerjare) vertel hoedat daar telkens aan die begin van 'n nuwe jaar 'n lewendige handel in die nagelate meubels van vertrokke studente plaasgevind het.²¹¹

Soos ten opsigte van ander sake, is spoedig ervaar dat die regering, onder wie se vlerk daar vanaf 1921 ingekruip is – weliswaar ietwat onwillig en met 'n effense verskuilde agenda – nou nie juis 'n gans was wat links en regs goue eiers gelê het nie. Rektor Postma het laat in 1923 gerapporteer dat hy nie die minister te siene kon kry nie, maar die sekretaris van sy departement het hom terstond meegedeel "dat

die Regering geen lening sal gee vir losieshuise nie omdat in Potchefstroom genoeg losies te kry is op private plekke".²¹² Hoewel die saak nie daarby gelaat sou word nie en volgehou sou word met verdoel, is dadelik 'n alternatiewe plan van aksie in werking gestel. Registrateur de Klerk het drie maande verlof tot sy krediet gehad en het ingewillig om in die tyd fondse in te samel vir 'n losieshuis.²¹³

Die bewindsaanvaarding van genl. JBM Hertzog met sy Nasionale Party/Arbeidersparty-koalisie, in 1924, het verwagtinge geskep van beter verhoudinge met en beter behandeling deur die departement van Onderwys, nou onder beheer van dr DF Malan. Gevolglik word aansoek gedoen om 'n lening van £25 000, vir die oprigting van losieshuise. Sowel die Senaat as die studente was baie beswaard omdat van privaat losieshuise gebruik gemaak moes word en Malan erf die verwyrt waarmee die registrateur sy voorgangers getroef het: "Ek mag Ued. daarop wys dat die P.U.K. nog geen enkele lening van die HoogEd. Regering ontvang het nie en dit is seker billik teenoor ons dat ons ook 'n lening kry waarvoor op die begroting voorsiening gemaak word vir rente en aflossing."²¹⁴

Toe die eggenote van wyle prof APC Duvenage in Augustus 1924 kennis gee dat sy die privaat losieshuis wat sy tot nou toe op eie stoom bedryf het, teen die einde van 1924 gaan sluit, is besluit om 'n losieshuis in te rig "in die woonhuis by die geboue",²¹⁵ dit wil sê die sinkgebou wat destyds met die aankoop van die sinkbarakke by die Verdedigingsmag as woonhuis vir die



2.3.24

"Ons Huis": Jaarboek 1930.



2.3.25

Sinkbarakke 1923, met “Ons Huis” en Heimat op die agtergrond. Eersgenoemde sou later afgebreek word om plek te maak vir die hoofgebou.

opsigter geoormerk is. Dié gebou was vir ‘n tyd lank deur die registrateur bewoon.²¹⁶

‘n Oortrekking ten bedrae van maksimum £3 000 is van Standard Bank verkry²¹⁷ en aan die begin van die tweede kwartaal in 1925 is die nuwe tuiste op die kampus deur studente betrek.²¹⁸ Met die ingebruikneming van “Ons Huis” in 1925 is in die Senaat se basiese behoefte aan ‘n losieshuis vir die Kollege²¹⁹ voldoen. Waar dit voorheen ‘n privaat onderneming was, vorm die losieshuis voortaan deel van die PUK en word dit deur die kantoor van die registrateur geadminestreer.

En nou, vir ‘n naam. Die geleerde here van die Senaat, wat die laaste sê het, is aanvanklik nie tevrede met die ietwat vreemde voorstelle van studentekant nie: “Bamavilla” (herkoms onbekend), “Ons Huis”, “Aurora” (in die betekenis van godin van die môrestond, die ooste, dagbreek), “Nordheim” (Noordhuis), “Gradus” (graad, rang), “Universiteitshuis” en “Illucetna” (wat iets te doen het met lig word, dagbreek). Dr HG Stoker en kollegas P Kamerman (lektor in Skeikunde) en AJH van der Walt word benoem “om in hierdie gewigtige aangeleentheid te handel”.²²⁰ Maar nee, ook die komitee kry nie eenstemmigheid nie en doen ‘n nuwe voorlegging, om na die studente terug te verwys vir oorweging, moontlike toevoeging en ‘n aanbeveling aan die komitee vir Losieshuise, vir bekragtiging. In die nuwe voorlegging word “Universiteitshuis” en “Ons Huis” behou en daaraan toegevoeg “Noordhuis”, “Dagbreek”, “Potgieter Huis”, “Kruger Huis”, “Kamp Villa” en “Mimosa Huis”. Prof J Chr Coetzee voeg daaraan toe “Duvenage Huis”.²²¹

Enersyds is die neiging na akademies hoogdrawende name ietwat getemper. Historiese sentimente (vir die name Potgieter en Kruger) en piëteit jeens ontslape

kollegas (Kamp en Duvenage) spreek ook duidelik uit hierdie nuwe lys van potensiële name. Maar dan, vroeg in Mei 1925, is daar klarigheid by die Senaat: die naam sal wees “Ons Huis”.²²² Geen verdere motivering of verslag nie, geen teken dat dit deur die Losieshuiskomitee bespreek of goedgekeur is nie. Die naam was kort en kragtig, met ‘n intieme boodskap: “Ons Huis”. Die “nuwe”, gemodifiseerde losieshuis is aan die begin van die tweede kwartaal betrek, en daarmee saam ook die huis van prof JC van Rooy, wat bereid was om as huisvader op te tree en om self losies te betaal. So kom dit dan dat Van Rooy £6 per maand huur ontvang terwyl die losies (natuurlik kos ingesluit) hom en sy vrou £20 per kwartaal uit die saak jaag – ‘n “verlies” van £8 per jaar!²²³

Intussen is van PUK-kant gepoog om dr Malan laat in Oktober te Potchefstroom te ontvang en sou die rektor en ander lede van ‘n senaatskommissie hom by die geleentheid te woord staan, om hom te oortuig van die dringende behoefte aan geld om die beoogde losiesgeriewe te skep. Maar dit was puur verniet en “die poginge sonder sukses om Dr Malan hier te kry” is in November aan die Raad gerapporteer.²²⁴ Daar is nie bes gegee nie: ‘n Raadskommissie, met insluiting van volksraadslid ds ML Fick, is aangewys om dr Malan “en indien nodig ook die Minister van Finansië” te ontmoet.²²⁵

Die sekretaris van Onderwys was langtand en het minister Malan daarop gewys dat die registrateur tevore, na verkryging van die sinkgeboue, beloof het dat hulle vir baie jare nie weer die departement oor geld sou lastig val nie, maar nou beweer dat dié belofte nie op koshuise betrekking gehad het nie. Hy betwyfel dit egter of, in die lig van baie en dringende aanvrae van kolleges en universiteite, ‘n lening nou weer aan die PUK toegestaan kon word. Hy meen ook dat £12



000 voldoende is vir 'n koshuis van 30 persone en doen aan die hand dat so 'n bedrag op die konsepbegroting geplaas word.²²⁶

In hierdie tyd het die relletjie rondom die benoeming van 'n aantal personeellede in die Raad ontbrand en was een van die newe-effekte dat die verhouding tussen Malan en die PUK ietwat versuur het. In 'n nota aan "Liewe Swaer" sê De Klerk dat hy optimisties is dat die toelae verhoog sou word, maar hy het twyfel oor die lening vir die losieshuis: "Dr. Malan kon my niks belooft nie en het gevra dat ek die feite kortliks moet stipuleer daar hy die gesprek met die onderhou nie kan onthou nie. Ons moet nou maar afwag."²²⁷

Teen die middel van 1925 het die Raad vir Postma en De Klerk as deputasie benoem om die Minister van Onderwys te spreek oor onder andere 'n lening of toestemming om 'n privaat lening vir £3 000 aan te gaan, vir die oprigting van 'n losieshuis.²²⁸ Of die ontmoeting gerealiseer het, kon nie vasgestel word nie, maar op 30 September 1925 word die versoek formeel tot die departement gerig. Vanweë die dringende behoefte (studente word in twee ondoelmatige geboue gehuisves) word gevra of die geld voorlopig privaat geleen kan word, sodat die gebou aan die begin van 1926 in gebruik geneem kan word.²²⁹ Middel Oktober gee die departement die groen lig²³⁰ en word dadelik met raadslid ds JV Coetzee op Frankfort in die Vrystaat geskakel om die beloopte lening, teen 5½ of 6% deur 'n gemeentelid vas te maak.²³¹ Toe hierdie aanbod deur die mat val, het Standard Bank ingetree, teen 'n rentekoers van 7% en op voorwaarde dat borgvorms deur raadslede geteken moes word, wat toe wel gedoen is.²³²

Die een finansiële struikelblok is skaars uit die weg geruim of daar is 'n volgende. So, teen die einde van 1925, word van departementsweë berig ontvang dat net 50% in plaas van 70% van goedgekeurde uitgawes voortaan as subsidie toegestaan sal word indien 'n voorgestelde wysigingswetsontwerp rakende die Kollege se status deurgevoer gaan word. Deur hierdie wetsontwerp wou die PUK hom losmaak van die beperkende bepalinge.

"Heimat"

Waar die finansiële omstandighede teen September 1923 van so 'n aard was dat daar nie gedink kon word aan die oprigting van eie koshuise nie, het die situasie binne die volgende jaar sodanig verbeter dat 'n kollegelosieshuis reeds die volgende jaar as "dringend noodsaaklik" beskou is. "Ons Huis" het egter nie ten volle in die losies behoeftes voorsien nie en daar is gevolglik maar weer by die regering om hulp aangeklop.²³³ In Oktober 1925 bring rektor Postma die goeie nuus dat die regering bereid is om £3 000 te borg vir 'n

privaatlening om 'n ordentlike losieshuis op te rig.²³⁴

Geldelike reëlins is getref en die gebou is op tender uitgesit. Synde die eerste werklike oefening in hierdie verband, het die tenderdokument mank gegaan aan baie gebreke. 'n Plaaslike boukontraakteur het heelwat tyd aan die dokument bestee maar op die ou einde besluit om nie te tender nie omdat die spesifikasies "much too crude" was.²³⁵ 'n Tweede kontraakteur het dieselfde probleme ondervind²³⁶, maar die kersie op die koek was 'n kwaai teregwyding deur die vakbond, onder wie se aandag die gebrekkige dokument gebring is. Groot bouprojekte, sê die National Federation of Building Trade Employers in South Africa (NFBTESA), "are carried out on properly drawn specifications and plans, and the necessary quantities furnished". Dit is in die PUK se eie belang, besparings- en waardegewys, om hierdie prosedures te volg en dit behoort oorweeg te word om, as dit nie reeds te laat is nie, die hulp van 'n spesialis op die gebied in te roep.²³⁷

Die kundige advies is ter harte geneem, die les geleer. Geen tender is aanvaar nie (as rede is aangevoer dat dit nie "in bereik val van die beskikbare som geld nie") en Pretoriase argitek Gerhard Moerdyk het in opdrag van die Raad 'n tenderdokument van 24 bladsye opgestel. Altesaam 13 tenders is voorgelê, met pryse tussen £5 892 en £8 809.²³⁸

Die tenderpryse was natuurlik ver bokant die aanvanklike raming van £3 000 en daar moes maar weer by die regering aangeklop word. Die regering was wel bereid om £8 500 te gee (PUK het £10 000 gevra) maar kon nie belowe wanneer nie.²³⁹ Deur te meet en te pas – 'n kuns wat teen hierdie tyd aan die PUK byna vervolmaak moes gewees het – kon die koshuis wel gebou word (deur kontraakteur C Jamieson van Florida) en was dit 'n heuglike geleentheid toe hierdie besondere gebou, wat ongeveer 50 studente kon huisves, by die aanvang van die akademiese jaar in 1927 in gebruik geneem is. Dit was die eerste permanente gebou op die kampus en was 'n sterk impuls om met die volgende projek, 'n kollegegebou met goed ingerigte klaskamers, 'n aanvang te neem.²⁴⁰

Ook hierdie nuwe koshuis moes 'n naam kry. Op 30 Maart is 'n lys van name aan die Losieshuiskomitee voorgelê en na lektore Du Plessis en Eiselen verwys.²⁴¹ Skynbaar het hierdie subkommissie die naam "Klimop" aanbeveel, maar dit is na hulle terugverwys om nog ander name ook te oorweeg.²⁴² Einde Februarie lê huisvader Eiselen 'n aantal name voor, soos deur die studente deurgegee, maar dit bevredig steeds nie en die Losieshuiskomitee stap van die saak af.²⁴³

Skynbaar was daar op hierdie stadium 'n kortsluiting tussen die owerhede en die studente want toe eersgenoemde weer sien, het die koshuis 'n naam,



2.3.26

Heimat 1930.

“Heimat”. Volgens ‘n latere uitspraak van LJ du Plessis, wat lid was van die komitee, is die naam waarskynlik ter ere van die Duitsgebore huisvader, GTS Eiselen, gekies.²⁴⁴ Ook prof J Chr Coetzee huldig hierdie beskouing, maar hy fouteer deur “Ons Huis” aan te dui as vroeëre naam van die koshuis.²⁴⁵ Prof JA du Plessis was baie beswaard en wou dat aan die Senaat kennis gegee sal word dat die studente op eie houtjie die naam gegee en ook reëlins in verband met posaflewering met die Poskantoor getref het. Huisvader Eiselen se voorstel dat die naamgewing goedgekeur word is egter aanvaar, op voorwaarde dat die Senaat dit goedkeur.²⁴⁶ Sodanige sanksie is toe wel later verkry.²⁴⁷

Nou volg daar weer onenigheid in die geledere van die komitee. Prof Du Plessis het sy misnoë met die besluit van die Losieshuiskomitee getoon deur sy bedanking in te dien en die vergadering te verlaat.²⁴⁸ Deur bemiddeling van rektor Postma, by alles ook nog vredemaker, het du Plessis egter ‘n maand later, in April 1928 weer sy plek in die komitee ingeneem.²⁴⁹ Pas ‘n jaar na die ingebruikneming van “Heimat” begin daar stemme opgaan vir aanbou van ‘n ekstra vleuel, sodat dames in die onderste deel gehuisves kon word. Tydelike reëlins kon egter getref word vir sowel die ekstra mans as vir die enkele twee dames wat in 1929 van losies gebruik wou maak.²⁵⁰

Planne dat ‘n sekere mev Read ‘n aantal damestudente in ooreenkoms met die PUK sou loseer het waarskynlik deur die mat geval omdat sy ook mans (onder andere ‘n mnr Shapiro) geakkommodeer het. Dit het nie in die smaak geval van die lede van die Losieshuiskomitee nie en sy is versoek “om geen here te loseer nie, as sy die damesstudente wens in te neem”. Maar ‘n uitsondering sal wel gemaak word in geval van lektore!²⁵¹

As gevolg van die herrie wat intussen deur die verslag van die Van der Horst-kommissie (1928) ontken is, is daar na dese skielik met nuwe oë na die PUK gekyk en ‘n toename in studentetalle voorsien. Boonop was die planne vir die oprigting van ‘n hoofgebou reeds ver gevorder en sou die statige ou sinkgebou, “Ons Huis”, gesloop moes word om plek te maak vir hierdie argitektoniese kolos. Dit alles het die oprigting van ‘n verdere losieshuis vir mans ‘n dringende noodsaaklikheid gemaak.²⁵² (Kyk hoofstuk 2.5)

‘n Eie Stasie (“Cachet”)

Vir die destydse studente van elders was die trein die mees algemene vervoermiddel na en van die PUK en die digbygeleë Normaal Kollege. Hoewel die treinspoor teenaan die twee kampusse verby loop, was die stasie enkele kilometers verwyder en was dit enigsins moeite en ongerieflik om vandaar by die koshuise en blyplek op die Bult uit te kom, en vice versa. Die Studente Verteenwoordigende Raad onder leiding van voorsitter Jan de Klerk het die inisiatief geneem en vroeg in 1925 ‘n petisie rondgestuur en dit laat teken deur “byna alle Bultbewoners” waarin gevra word vir ‘n spoorweghalte naby die Kollege. Skynbaar van studentekant hieroor gepols, het die Senaat geen beswaar gehad dat PUK-studente hierdie versoekskrif onderteken nie.²⁵³ Volgens De Klerk se verslag het die minister “gedraal” met sy antwoord en uiteindelik laat weet dat, na deeglike ondersoek, besluit is om die halte te laat waar dit was omdat dit die publiek beter sou dien.²⁵⁴

Vir ‘n tyd lank is dit stil aan hierdie front. In Mei 1926 kom daar vanuit ‘n heel onverwagte oord ondersteuning vir hierdie gedagte. Boukontrakteur Crawford Jamieson van Florida wil graag boumateriaal vir die nuwe manskoshuis aflaai op die digbygeleë klein spoorweghalte Sacville, wat grootliks in onbruik was, maar die hoofbestuurder van die SA Spoorweë wil nie toestemming verleen nie – tensy hy £80 betaal. Hy het van argitek Moerdyk verneem dat die PUK ook die halte sou kon gebruik en versoek dat van PUK-kant vertoë gerig word om Sacville in ‘n openbare halte te omskep.²⁵⁵

Vroeg in Augustus word besluit dat proff Boshoff en van Heerden samesprekinge sal voer oor ‘n halte naby die PUK.²⁵⁶ Kort hierna bevind Boshoff hom op reis



saam met amptenare van die Spoorweë en beloof hulle om aandag aan die saak te gee. Die saak word ook na die Raad verwys.²⁵⁷

Die wile was aan die rol. In Februarie 1927 vind samesprekinge tussen 'n amptenaar en die registrateur plaas en word dit 'n week later opgevolg met 'n kennisgewing van onteining van 'n gedeelte van PUK se eiendom, vir die beoogde openbare halte. Van PUK-kant sou geen kompensasië vir die onteiene grond verlang word nie, op voorwaarde dat 'n halte en 'n kruising tussen die PUK en Normaal aangebring sou word.²⁵⁸

Nou volg verdere detailbeplanning en onderhandeling en word ook die stadsraad en plaaslike prokureur AR Fleischack betrek.²⁵⁹ En dan kom die naam van die beplande halte ter sprake. Volgens stadsklerk van Zyl het die burgemeester, op hierdie tydstip PUK se eie prof Boshoff, die naam "Puknor" voorgestel, maar hy was onder die indruk dat ook van Normaal se grond onteien word – en dis nie die geval nie. Van PUK kant word "PUK" aan die hand gedoen, maar die Spoorweë het besware en die PUK gee bes.²⁶⁰


Koppe word bymekaar gesit oor 'n nuwe naam. Proff Boshoff en van Heerden vind mekaar en beveel aan "Cachet-Halte", met die motivering "dat wyle prof J Lion-Cachet tereg beskou word as die vader van die ontwikkeling van die onderwys-inrigtinge alhier op 'Die Bult' ".²⁶¹ Maar nee, dit is vir die Spoorwegdepartement onaanvaarbaar aangesien dit hul beleid is "om persoonlike name te vermy". Hulle versoek die registrateur om met 'n geskikte naam vorendag te kom, 'n naam "aanvaarbaar vir die mense wat dit sal bedien".²⁶²

Aan PUK kant is daar nou ergerlikheid te bespeur. Hulle wend hulle tot die Minister van Onderwys en wys daarop dat hulle, tydens die onderhandelinge oor die gratis onteining van die grond, onder die indruk verkeer het dat hulle die reg sou hê om die halte 'n naam te gee. Registrateur de Klerk, 'n man wat in sulke sake maklik die strydbyle kon optel, wys daarop dat dit oorbekend is dat die



2.3.27

**Prokureur AR Fleischack
het heelwat van die PUK se
grondtransaksies hanteer.**



2.3.28

Plan van onteining van Cachet-stasie.

Spoorwegdepartement 'n groot aantal persoonsname op sy lys het. Hierby kom ook nog die feit "dat die genoemde naam die grootste mate van bevrediging sal gee aan die publiek, wat van die halte gebruik sal maak". Die minister, sê de Klerk, sal sy Raad "ten seerste verplig wees" as hy die naam goedkeur.²⁶³

Vir 'n tydjie is dit alles stil en dan, op navraag van die registrateur, berig die minister se sekretaris op 18 Junie dat besluit is om die naam "Sacville" na "Cachet" te verander. Hartlike dank is teenoor die Spoorweë-owerhede betuig²⁶⁴ en daarmee is tasbare hulde gebring aan 'n man wat deur sy opvolgers gehuldig is as "die vader" van die onderwysinstelling op die Bult.

'n Positiewe uitvloeisel, van PUK-kant gesien, was die uitbreiding van die inrigting se grondgebied. Tydens die proses van transporterings het dit geblyk dat die grond wat onteien moes word, nog onder verband van £4 000 ten gunste van die departement van Onderwys staan. Van PUK-kant is gevolglik vertoë tot die departement gerig om die verband op te hef. Ter ondersteuning van die versoek is daarop gewys dat, as

gevolg van 'n beloofde skenking van 'n ander stuk grond deur die stadsraad, die PUK "derhalwe, feitlik die hier bogenoemde stuk grond dubbel terugkry". Hierdie ander stuk grond was geleë weerskante van die pad na die Dam, tussen die PUK-gronde en die pasvoltooide spoorlyn na Fochville – 'n terrein wat vir die stadsraad nie groot waarde kon hê nie "maar wel baie kan beteken vir die P.U.K.".²⁶⁵

Die Minister van Onderwys het die groen lig gegee vir die oordrag van die PUK-gronde aan die staat terwyl die administrateur van Transvaal weer toestemming verleen het vir die vervreemding, ten gunste van die PUK, van die twee gedeeltes grond ten suide van die Losbergspoorlyn.²⁶⁶ Vir die PUK in die algemeen was dit 'n gunstige ontwikkeling. Behalwe vir die gebiedsuitbreiding, het die studente hul stasie gekry – 'n stasie wat in die jare vorentoe 'n besondere plek in die studentelewe sou inneem. Nie alleen kon hulle voortaan as 't ware op hul voorstoep op- en afklim aan die einde en begin van kwartale en selfs langnaweke nie, maar sou Cachet-stasie ook tydens ontgroenings- oftewel inlywingsaksies nuttig gebruik word: verwilderde, "onaanpasbare" eerstejaars wat vanaf die hoofstasie "huis toe gestuur is", sou – tot hul verdriet of tot hul vreugde – na enkele minute weer hier deur die ouhere en oudames ingewag word! Die "eie" stasie moes voorwaar die Pukke se trots laat swel het. Soos byvoorbeeld tydens die besoek van die Dietse studentegroep in 1929, wat op 'n meegaande foto uit Dolly le Roux-du Plooy se nalatenskap in beeld vasgelê is.

Cachet het spoedig deel geword van die PUK-kultuur.

"Om terug te gaan Kollege-toe is iets ... ja, iets eiesoortig", is dit in 1931 in 'n redaksionele artikel van die studentejaarblad opgeteken: "Meer nog is dit so om terug te gaan P.U.K.-toe. Ek meen eintlik hierdie terug gaan na die Desember vakansie want dan voel dit regtig na teruggaan. Daardie ontmoeting en begroeting van mekaar op die stasies, die saamry en grappies in 'n paar stampvol kamertjies [kompartemente], die geraas van die trein hier oor die brug en die halsoorkop geaflaaiery en aanvat van bagasie op Cachet, is alles essensieel vir die voltooiing van so 'n terugkoms. Op hierdie gewone manier, soos dit ook hoort, het ons aan die begin van hierdie jaar op Cachet te staan gekom. (Cachet is ook een van die latere geriewe – 'n halte vir die Bult was baie lank 'n noodsaaklike behoefte waarin eindelik in 1929 voorsien is)."²⁶⁷

In 1949 is magtiging aan die stasiemeester van Potchefstroom verleen om die PUK-embleem in 'n blombedding op die perron uit te lê.²⁶⁸

Dit word met smaak vertel hoedat daardie legendariese rugbyspeler van PUK, Wes-Transvaal en die Springbokke, Dick Putter, by geleentheid in die vyftigerjare met 'n koffer in elke hand uit 'n trein gesprong het wat nie op Cachet gestop het nie!²⁶⁹

2.3.6 Rooi flikkerligte ...

In Augustus 1927 en te midde van druk onderhandelings oor die oprigting van die eerste permanente losieshuis struktuur, "Heimat", het die sekretaris van Onderwys, dr SFN Gie, die rektor by geleentheid kortaf verwittig



2.3.29

Studente op Cachet-stasie.



2.3.30

Dolly le Roux en haar maats saam met die Dietse studente op Cachet-stasie.



2.3.31

'n Ma en haar kinders op Cachet-stasie, soos dit in 1928 daar uitgesien het.

dat dit onnodig is om 'n deputasie oor die saak na die minister te stuur. En so terloops tik hy Postma op die vingers deur sy aandag daarop te vestig dat sy kantoor, en nie die minister nie, die gebruiklike kanaal is vir alle korrespondensie met die departement.²⁷⁰ Dit moet natuurlik in gedagte gehou word dat Gie maar pas ongeveer 'n jaar lank in sy pos was, nadat hy as voorsitter van die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch in die praktyk as rektor van dié inrigting opgetree het en dat hy beslis gesteld sou wees op protokol in sy nuwe pos. En komende uit dieselfde Matiestal as sy minister, sou Gie waarskynlik ook sy minister se destydse byna onverskillige gesindheid jeens die PUK gedeel het.

Gie se brief aan die rektor dra dieselfde datum as 'n omsendbrief, onder sy handtekening, aan alle universiteite met die waarskuwing dat, vanweë die vinnige groei in besteding ten opsigte van hoër onderwys en afhangende van die bevindinge van 'n kommissie wat ondersoek instel na aspekte van die universiteitswese, subsidies dalk besnoei sou word. Die minister het duidelik uitgespel dat geen versoeke vir nuwe of addisionele boulenings oorweeg sou word nie "and that for the present he will only for exceedingly cogent reasons and under very exceptional circumstances be prepared to give consideration to applications for private loans". Meer nog, lui dit in die slotparagraaf: "My Minister regards it as essential that every effort should be made by University institutions to curtail expenses and to refrain at present from extending the scope of their work by the creation of new professorships, lectureships or departments or in other ways."²⁷¹

Aan die PUK-front het die besef intussen deurgedring dat van die geldfonteintjie van die staat nie veel verwag kon word nie en dat hulle hulleself moes behelp, op welke manier ook al. Te midde dus van al die gestoei en gespartel om hul regmatige deel te verkry en om sake uit te maak vir wat as noodsaaklik vir die groei en vooruitgang van die kollege noodsaaklik geag is, het die Raad reeds in Maart 1927 'n begin gemaak met die insameling van fondse vir 'n eie kollegegebou.

As wegspring is lede van die Raad, personeel en oudstudente versoek om elk £10 in te samel, en studente £5 elk. Kollektelyste met afbeeldinge van die voorgestelde hoofgebou sou opgestel word en geldpryse vir die beste insamelings is uitgelooft.²⁷² Nadat geen reaksie op die 1924-oproep verkry is nie, reageer mev (Jannie) Marais van Stellenbosch, as "vriendin", met 'n milde bydrae van £500.²⁷³ Optimistiese skemas soos om predikante van die Gereformeerde Kerk as tydelike kollektante te laat sekondeer en begiftigingspolisse het nie juis van die grond gekom nie,²⁷⁴ maar rektor Postma het persoonlik wyd en sy in Wes-Transvaal besoek afgelê en die geldnood van die PUK uitgespel.²⁷⁵

Intussen moes die nette wyd gespan word om die PUK se boeke te laat klop. Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Ermelo is genader vir 'n lening van £2 000, vir die aankoop van meubels, maar sonder sukses.²⁷⁶ Die kuratore, wat altyd maar 'n oop hand vir hul uitspruitsel gehad het, keur darem 'n lening van £600 teen die Jubileumfonds goed terwyl die penningmeester van die Teologiese Skool genader word om 'n voorskot van £300. Weens ander beloftes, laat weet ds JA van Rooy terug, "is dit vir my 'n groot waag om £200 (meer kan ek nie) van die lopende kas v/d Teol. Skool voor te skiet". Persoonlik het hy £100 beskikbaar, vir 'n onbepaalde tyd, en hy stuur dit aan,



as deel van die gevraagde voorskot.²⁷⁷ In hierdie tyd pols rektor Postma vir ds JV Coetzee van Frankfort, of hy al die £2 000 privaatlening teen 5 of 6%, waarna hy by geleentheid verwys het (“miskien na afloop van die mielie-oes”), kon vasmaak. Dit sal goed te pas kom, want die rente by Standard Bank beloop 7 tot 7.5%.²⁷⁸ Ook hiervan het op die ou einde niks gekom nie.

Die jaar 1928 sou blyk ‘n baie moeilike jaar in die geskiedenis van die PUK te wees. Sommer vroeg in die jaar is daar haakplekke by die bank en wel toe die PUK, op grond van ‘n batige saldo van meer as £10 000 op hul balansstaat, om oortrekkingsfasiliteite by Standard Bank gevra het. Toe dit blyk dat die “onvoorwaardelike outorisasie” waarvoor die bank vra, eintlik ‘n borgstelling inhou en die Departement van Onderwys nie daarvoor kans sien nie, kon die bank nie aan die PUK se versoek voldoen nie. Dan nou maar weer elders om hulp gaan aanklop en wel by Nederlandse Bank, die relletjie ‘n paar jaar tevore ten spyt. Destydse warmbloedige registrateur de Klerk was ver verwyderd op ‘n kansel. En só gesels rektor Postma met die bestuurder, word voelers om hulp uitgesteek. Die reaksie is gunstig en ‘n lening van £2 000 tot £3 000 kon teen eerste verband op vaste eiendom toegestaan word “met die verstandhouding dat dan die bankrekening hier by ons gehou sal word, soos dit van te vore gewees het”. As gevolg van die onsekerhede geskep deur die aanstelling van die Van der Horst-kommissie en die uitgesproke houding van die Departement van Onderwys, het die Raad egter besluit om voorlopig geen verdere finansiële transaksies aan te gaan nie.²⁷⁹

Daar is tog later reggekom en wel met Standard Bank, toe prof Postma en sy kollegas ‘n waarborg vir £6000 teen die PUK-boufonds onderskryf het. Ook is geld geleen van die Jubileumfonds en die Weduweefonds van die Teologiese Skool en die Gereformeerde Kerk.²⁸⁰ Voelers is ook uitgesteek na Southern Life Assosiasie, vir ‘n lening van £20 000 tot £25 000,²⁸¹ maar die saak het in die lug bly hang totdat fondse van regeringsweë bekom is.

Op sy vergadering in Junie 1928 het die Senaat weer indringend na die boufondsprojek gekyk en £40 000 as mikpunt gestel. Om die fonds ‘n goeie hupstoot te gee, is bepaalde teikengroepe geïdentifiseer. In Gereformeerde Kerkverband moes Gereformeerde personeellede £10 000 in, terwyl nie-Gereformeerdes in Wes-Transvaal £2 000 moes byeenbring. Damespersoneellede en eggenotes van personeel se mikpunt was ook £2 000 terwyl die SVR by wyse van konserte geld moes insamel. Sodra £10 000 byeengebring is, kon die bouwerk ‘n aanvang neem.²⁸²

Te midde van al hierdie pogings om in die nypende behoeftes te voorsien, het ‘n donker wolk intussen sy skaduwee oor die universiteitswese in die algemeen en oor die PUK in besonder gegooi.

Die openbaarmaking van die Van der Horst-verslag in Julie 1928 en die verreikende implikasies wat die inhoud en aanbevelinge daarvan vir die PUK kon inhou, sou drastiese hersiening van strategieë ter wille van oorlewing tot gevolg hê.